

# **DIE IDENTIFISERING VAN BATES BY 'N DOGTER MET DOWNSINDROOM**

**PETER M VISAGIE**

**OD(111), BA, Bed (Psig.)**

**Werkstuk ingehandig vir die gedeeltelike vervulling  
van die graadvereistes vir**

**Magister in die Opvoedkundige Sielkunde  
(MEdPsig)**

**by die**

**Universiteit Stellenbosch**

**STUDIELEIER: PROF R NEWMARK**

**April 2005**

# VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk waaruit hierdie werkstuk saamgestel is, my eie oorspronklike werk is en dat dit nie voorheen as geheel of gedeeltelik by enige universiteit vir die voltooiing van 'n graad ingehandig is nie.

.....

**Handtekening**

.....

**Datum**

# OPSOMMING

Die studie is onderneem om interne en eksterne bates by 'n leerder met Downsindroom te identifiseer. Die bates sluit nie net diè van die individu in nie, maar neem ook die bates wat in die breër gemeenskap bestaan, in ag. Die leerder se eksterne bates in haar onmiddellike omgewing was moeilik identifiseerbaar, omdat sy weinig blootgestel word aan gemeenskapsaktiwiteite. 'n Lys van bates is saamgestel en die 40 Ontwikkelingsbates soos deur die "Search Institute of Minneapolis" (Roehlkepartain & Leffert, 2000) nagevors, is as sleutelemente gebruik vir die kartografering van die bates vir die leerder met Downsindroom. In hierdie navorsing is die bate-gebaseerde benadering as 'n raamwerk gebruik. 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is vir hierdie navorsing gebruik waar die leerder in haar natuurlike omgewing waargeneem is. Die leerder is by die skool en by die huis waargeneem met die doel om bates te identifiseer. Tydens die navorsing is die ouers en die skool bemagtig deur hul fokus te verskuif vanaf die leerder se behoeftes en tekorte na die leerder se sterkpunte, vermoëns en talente. Die identifisering van die nuwe bates by die leerder sal haar sosialiseringvaardighede verbeter en haar in staat stel om veral haar selfversorging te verbeter.

Die resultate van die navorsing dui daarop dat die ouers en die skool 'n meer positiewe houding ontwikkel het ten opsigte van die identifisering en mobilisering van bates by leerders met gestremdhede.

# SUMMARY

The study was undertaken to identify internal and external assets of a ten year- old girl with Down Syndrome. The assets include those of the individual and the broader community. The learner's assets, in her immediate environment, was difficult to identify because of minimal exposure to community activities. A list of assets were compiled and the 40 Developmental Assets as researched by the "Searched Institute of Minneapolis" (Roehlkepartain & Leffert, 2000), served as key elements for the cartographic listing of the assets of the learner with Down Syndrome. In this research, the asset-based approach was used as a framework. A qualitative research design was used for the research where the learner was observed in her natural environment. The learner was observed at school and at home with the aim to identify assets.

During the research the parents as well as the school was empowered by shifting their focus from the learner's needs and shortcomings to the learner's strengths, abilities and talents. The identifying of the new assets will enable the learner to improve her socialising skills and allow her to improve her self-care.

The results of the research show that the parents and the school developed a more positive attitude with regard to the identification and mobilization of assets of learners with disabilities.

**Die werkstuk word opgedra aan**

**my vrou, Erna, en my dogter, Irma,  
vir hulle liefde, ondersteuning, geduld, opoffering  
en gebede wat ek gedurende die studie ontvang het.**

# DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag die volgende persone wat op een of ander wyse bydraes gelewer het tot die voltooiing van die studie:

- Alle eer aan God vir sy onbaatsugtige liefde en genade wat my in staat gestel het om die studie te voltooi.
- Prof. Rona Newmark, my studieleier, vir haar uitstekende leiding, aanmoediging en motivering.
- My vrou, Erna, en my dogter, Irma, vir hul getroue ondersteuning en bemoediging.
- My ouers, Stoffel en Dinah Visagie, skoonouers, Willem en Wilhelmina Bock, familie en vriende vir hul ondersteuning, aanmoediging en gebede.
- Mnr. en me Nagel, Glendoline en Calvin vir hul bereidwilligheid om as 'n gesin aan die studie deel te neem.
- Sandra Eksteen en Jenny Schippers vir hul administratiewe ondersteuning.
- Irmgard Marais, arbeidsrerapeut, vir haar waardevolle insette.
- Die prinsipaal, opvoeders en beheerliggaam van Eden Opleidingsentrum vir die beskikbaarstelling van hul fasiliteite en die goeie samewerking en hulpvaardigheid.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1:

### INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DEFINIËRING VAN KONSEPTE ..... 1

1.1	INLEIDING .....	1
1.2	PROBLEEMSTELLING .....	3
1.3	DOEL VAN DIE STUDIE .....	4
1.4	AANNAMES VAN DIE STUDIE .....	4
1.5	KERNKONSEPTE EN RELEVANTE BEGRIPPE .....	4
1.5.1	Bates .....	4
1.5.2	Identifisering van bates .....	5
1.5.3	Menslike ontwikkeling.....	5
1.5.4	Downsindroom .....	5
1.5.5	Biologiese sisteem .....	7
1.5.6	Die bate-gebaseerde benadering.....	7
1.5.7	Die ekosistemiese benadering .....	8
1.5.8	Die mediese model.....	9
1.6	NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE.....	9
1.6.1	Kwalitatiewe navorsingsontwerp .....	9
1.6.2	Metodologie.....	10
1.6.2.1	<i>Data-insameling</i> .....	10
1.6.2.2	<i>Data-analise</i> .....	12
1.7	STRUKTUUR VAN DIE NAVORSING.....	12

## HOOFSTUK 2

### TEORETIESE RAAMWERK..... 14

2.1	INLEIDING .....	14
2.2	DIE BEHOEFTE-GEBASEERDE BENADERING.....	15
2.3	DIE BATE-GEBASEERDE BENADERING.....	17
2.4	MOONTLIKE MANIER OM DIE BATE-GEBASEERDE BENADERING TOE TE PAS BY DIE IDENTIFISERING VAN BATES BY DIE LEERDER MET DOWNSINDROOM .....	18
2.5	DIE LEERDER MET DOWNSINDROOM.....	22
2.5.1	Historiese oorsig.....	22

2.5.2	Die genotipe of genetiese oorsake vir Downsindroom .....	24
2.5.3	Trisomie.....	24
2.5.4	Mosaïektipe Downsindroom .....	25
2.5.5	Translokasietipe Downsindroom .....	25
2.5.6	Die fenotipe of fisiese voorkoms van Downsindroom .....	26
2.6	RAAMWERK VIR BATE-IDENTIFISERING .....	27
2.6.1	Die proses in die samestelling van 'n kartograaf vir sleutelbates .....	28
2.6.2	Die verskillende konstrakte soos uiteengesit in die grafiese voorstelling.....	31
2.7	REFLEKSIE.....	32

### HOOFSTUK 3

<b>NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE .....</b>		<b>33</b>
3.1	INLEIDING .....	33
3.2	MOTIVERING VIR DIE STUDIE.....	34
3.2.1	Inleiding.....	34
3.3	PROBLEEMSTELLING .....	34
3.3.1	Samevattende navorsingsprobleem .....	34
3.3.2	Neuwe-navorsingsprobleem.....	35
3.4	NAVORSINGSONTWERP .....	35
3.4.1	Beperkings van die navorsingsontwerp.....	38
3.5	SELEKSIEPROSEDURE .....	39
3.5.1	Identifisering van die eenheid van ondersoek .....	39
3.5.2	Selektering van deelnemer.....	39
3.5.3	Konteks van die navorsing .....	40
3.5.4	Die kliënt.....	40
3.6	DIE ROL VAN DIE NAVORSER.....	41
3.6.1	Kerneienskappe van die navorser .....	41
3.7	METODOLOGIE.....	42
3.7.1	Data-insameling .....	42
3.7.2	Data-analise en data-konsolidering .....	45
3.8	BETROUBAARHEID .....	47
3.9	ETIESE OORWEGINGS .....	48
3.10	REFLEKSIE.....	49



## HOOFSTUK 4

### **IMPLIMENTERING VAN DIE STUDIE.....50**

4.1 INLEIDING .....50

4.2 AGTERGROND.....50

4.2.1 Bewuswording van die bate-gebaseerde benadering.....51

4.2.2 Fokus op bates en kapasiteite.....53

### **4.3 VERSKILLENDE ROLSPELERS IN DIE DATA-INSAMELINGSPROSES**

4.3.1 'n Samevatting van die onderhoude met die moeder .....53

4.3.2 'n Samevatting van die onderhoude met die vader.....55

4.4 VERSKILLENDE ROLSPELERS IN DIE DATA-  
INSAMELINGSPROSES .....56

4.4.1 'n Samevatting van die onderhoude met die arbeidsterapeut.....56

4.4.2 Agtergrond van Glenda .....56

4.4.3 Dissipline en selfversorging.....59

4.4.4 Samevatting van die onderhoude met die klasopvoeder .....61

4.5 DEELNEMENDE OBSERVASIE .....64

4.5.1 Video 1: Opname op die speelterrein .....64

4.5.2 Video 2: Tema – Sintuie .....65

4.5.3 Video 3: Ontwikkeling van fyn- en groot motoriese vaardighede.....66

4.5.4 Video 4: Gesonde kos .....67

4.5.5 Video: Terapeutiese ete .....68

4.6 FOKUSGROEP .....69

4.7 DATA-ANALISE .....69

4.7.1 Inleiding.....69

4.8 KARTOGRAFIESE VOORSTELLING VAN  
GEÏDENTIFISEERDE BATES .....70

4.9 REFLEKSIE.....74

## HOOFSTUK 5

### **DIE RESULTATE VAN DIE STUDIE, SAMEVATTINGS, BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS .....75**

5.1 INLEIDING .....77

5.2 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUKKE.....77

5.3	BESPREKING VAN BEVINDINGE.....	78
5.4	AANBEVELINGS.....	79
5.5	BEPERKINGS VAN DIE STUDIE.....	80
5.6	VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING.....	81
5.7	REFLEKSIE.....	81
	<b>BRONNELYS.....</b>	<b>83</b>
	<b>BYLAE 1.....</b>	<b>87</b>
	<b>BYLAE 2.....</b>	<b>88</b>
	<b>BYLAE 3.....</b>	<b>89</b>
	<b>BYLAE 4.....</b>	<b>90</b>

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1:	Strategieë van data-insameling.....	10
Tabel 2:	Vergelyking tussen die behoefte-gebaseerde en die bate-gebaseerde benadering.....	18
Tabel 3:	Konsepte van die bate-gebaseerde benadering.....	19
Tabel 5:	Karaktereienskappe van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing.....	36
Tabel 6:	Data-analise en data-konsolidering.....	45
Tabel 7:	Die kodering van Eksterne en Interne Bates.....	46
Tabel 8:	Intervensie Program.....	57
Tabel 9:	Die volgende aktiwiteite word aangewend as deel van die leerders se ontwikkeling in die klas.....	62
Tabel 10:	.....	63
Tabel 11:	Temas wat uit die onderhoud met die moeder voortgespruit het.....	69
Tabel 12:	Temas wat uit die onderhoud met die vader voortgespruit het.....	70
Tabel 13:	Temas wat uit die onderhoude met die skool voortgespruit het.....	70

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1:	Raamwerk vir bate-kartografering.....	30
Figuur 2:	"Circle of friends" – Netwerk Model.....	43
Figuur 3:	Kartografering van eksterne bates by 'n tienjarige dogter met Downsindroom.....	72
Figuur 4:	Kartografering van interne bates by 'n tienjarige dogter met Downsindroom.....	73

## HOOFSTUK 1

# INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DEFINIËRING VAN KONSEPTE

### 1.1 INLEIDING

"The values and assumptions that are attached to labels will always be contentious in the field of special needs education. We have progressed from the days of children being labelled as having 'disabilities of body and mind' or being 'defective', 'subnormal', 'maladjusted', 'retarded' or 'backward' " (Wedell, 1990:2).

Die etikettering van leerders met gestremdhede bring mee dat die fokus op die tekorte en behoeftes van die leerders geplaas word. In my studie word die fokus geplaas op die identifisering van bates by 'n dogter met Downsindroom.

Die oorwegende benadering tot leerders met gestremdhede in die onderwys is gewoonlik behoefte-gebaseerd en daar word sterk gefokus op die tekorte en behoeftes van die leerders. Hierdie leerders word, óf heeltemal deur die gemeenskap aanvaar, óf heeltemal uit die aktiwiteite uitgesluit. In die navorsing gaan die individuele- en gemeenskapsbronne, dienste en bates geïdentifiseer word om die leerder met Downsindroom en haar familie se bevoegdheid uit te brei en te ondersteun. Hierdie studie het ten doel om die maksimum bates in die gemeenskap te identifiseer om sodoende 'n meer positiewe en produktiewe lewe vir die hoë-risiko leerder te bewerkstellig. 'n Raamwerk vir die identifisering van bates vir die leerder met Downsindroom sal in hierdie navorsing ontwikkel word.

Leerders met gestremdhede word oor die algemeen in skole geplaas wat spesifiek vir hierdie doel gereserveer is. Die kurrikulum wat deur leerders met Downsindroom binne die onderwysstelsel gevolg word, wyk noodwendig af van die program wat in die hoofstroomonderwys gevolg word. Dit word verder uitgebou met professionele dienste soos arbeidsterapie, primêre gesondheidsorg en 'n goed gebalanseerde sport- en ontwikkelingsprogram. Die dienste vorm 'n integrale deel van die onderwysopset binne die spesiale skole en al die leerders word dus by die dienste ingesluit. Die ondersteuningsdienste word kosteloos aan die leerders voorsien en alle leerders word by die voordeel ingesluit. As gevolg van die feit dat leerders met

Downsindroom se verstandelike vermoëns beperk is, word die totale kind as gestremd beskou en beleef. Dit het die implikasie dat sulke leerders geëtiketteer word as totaal gestremd en aangewese is op deurlopende hulp en ondersteuning. Volgens Donald et al. (1997:234) is dit belangrik dat "... accepted values and roles in any social context are likely to have different positive and negative effects on how an individual disability or difficulty is seen and treated. Your task is to understand this and as far as possible, to build on the positive effects and to modify the negative effects in any particular social context".

Volgens Babbie en Mouton (2001:204) werk enige navorser binne 'n bepaalde teoretiese raamwerk. Vir die doel van hierdie studie sluit ek die ekosistemiese benadering in. Die ekosistemiese benadering fokus meer op die breër sosiale konteks waarbinne die probleme voorkom, teenoor die mediese model (behoefte-gebaseerd) wat fokus op die tekortkominge. Volgens Eloff en Ebersöhn (2001:4) neem die bate-gebaseerde benadering die sosiale en holistiese siening verder deur te fokus op die vaardighede, bates en talente binne die sosiale konteks. In my ondersoek gaan die bate-gebaseerde benadering aangewend word om alle moontlike bates by die leerder te identifiseer. Die bate-gebaseerde benadering word deur Eloff en Ebersöhn (2001:150) beskryf as 'n "bottom-up approach", wat die klem verskuif vanaf diensverskaffing aan die gemeenskap na die bemagtiging van individue en die gemeenskap. 'n Bate-gebaseerde benadering fokus dus op dit wat reeds teenwoordig is, met ander woorde die sterkpunte en bates van die lede in 'n gemeenskap. Aangesien die benadering intern gefokus is, konsentreer dit op voorkoming en intervensie deur plaaslike gemeenskaps-betrokkenheid, vennootskap en samewerking.

Verhoudings staan sentraal binne 'n bate-gebaseerde benadering en, die taak van die gemeenskap is die fasilitering van verhoudings tussen plaaslike inwoners, plaaslike verenigings en instansies (Kretzman & McKnight, 1993:9). Die bate-gebaseerde benadering bied aan die leerder met Downsindroom die regverdige geleentheid om deel te word van 'n gemeenskap en om deel te neem aan gemeenskapsaktiwiteite.

Emmet (2000:121) is van mening dat die bate-gebaseerde benadering as alternatief vir die behoefte-gebaseerde benadering kan dien, wat die mediese en ekosistemiese modelle insluit. Die bate-gebaseerde benadering fokus nie op die tekorte en die

behoefte van die individu en die gemeenskap nie, maar laat die klem val op die kapasiteite, vaardighede en sosiale hulpbronne van mense en hul gemeenskappe (Kretzman & McKnight, 1996:5). Die bate-gebaseerde benadering bied aan die individu met gestremdhede en die gemeenskap die geleentheid om die bates te identifiseer, sodat dit kan bydra tot die skep van nuwe geleenthede.

Aangesien die bate-gebaseerde benadering die klem laat val op gemeenskapsontwikkeling, gaan verskillende rolspelers soos die skool en die ouers betrek word by die identifiseringproses. In die navorsing gaan die individuele- en gemeenskapsbronne, dienste en die bates geïdentifiseer en gemobiliseer word om die leerder met Downsindroom en haar familie se bevoegdhede uit te brei en te ondersteun. 'n Raamwerk vir die identifisering van bates vir die leerder met Downsindroom sal in hierdie navorsing ontwikkel word. Die studie poog om deur middel van die bate-gebaseerde benadering alle moontlike interne sowel as eksterne bates by die leerder met Downsindroom te identifiseer. Die voorgenome studie gaan ook die moontlikhede ondersoek van hoe die bate-gebaseerde benadering tot uitbreiding van die mediese model en die ekosistemiese benadering aangewend kan word.

## **1.2 PROBLEEMSTELLING**

### **Samevattende probleemstelling**

Die samevattende probleemstelling vir hierdie navorsing kan as volg geformuleer word:

- Watter bates kan by 'n tienjarige dogter met Downsindroom geïdentifiseer word?

### **Nuwe-probleemstelling**

Die volgende nuwe-probleemstelling word in die navorsing geïdentifiseer:

- Die identifisering van interne en eksterne bates by 'n tienjarige dogter met Downsindroom binne die bate-gebaseerde benadering.
- Die uitbou van moontlike potensiaal, talente en vermoëns waaroor die leerder beskik sodat beter leer kan plaasvind.

### **1.3 DOEL VAN DIE STUDIE**

Die primêre doel van hierdie studie is om die bate-gebaseerde benadering aan te wend om alle moontlike eksterne en interne bates by 'n leerder met Downsindroom te identifiseer. Vorige studies oor leerders met Downsindroom volg gewoonlik die behoefte-gebaseerde benadering deur te fokus op die behoeftes, tekorte en probleme. Hierdie studie het 'n meer positiewe aanslag deurdat die fokus verskuif word na die bestaande bates en hoe dit uitgebrei kan word tot voordeel van alle leerders met Downsindroom.

Aangesien die leerder deel vorm van 'n groter konteks, gaan die navorsing ook fokus op die bates wat in die gemeenskap bestaan. Die batelystel van die leerder sal individuele bates sowel as die gemeenskapsbates insluit.

### **1.4 AANNAMES VAN DIE STUDIE**

My navorsing is gegrond op die volgende aannames ten opsigte van bate-gebaseerde navorsing:

- Elke individu beskik oor interne en eksterne bates en sterkpunte wat geïdentifiseer en geaktiveer moet word, tot voordeel van die individu se ontwikkeling en funksionering.
- Die doel van die samestelling van 'n batelystel is om die geïdentifiseerde bates te beklemtoon wat aangewend kan word tot voordeel van die leerder met Downsindroom.

### **1.5 KERNKONSEPTE EN RELEVANTE BEGRIPPE**

Die volgende definisies van terme is belangrik vir hierdie navorsing en word kortliks verklaar om die leser binne die konteks van die navorsing te plaas.

#### **1.5.1 Bates**

Bates word as volg deur Kretzmann en McKnight (1997:2) gedefinieer: "... an emerging theme in community revitalization, sometimes is defined broadly to include all potential resources in a community – not only financial resources but also the talents and skills of individuals, organizational capacity, political connections, buildings and so on".

Ebersöhn en Eloff (2003:14) definieer bates as "skills, talents, gifts, resources, capacities and strengths that are shared with individuals, institutions, associations, the community and organizations".

### **1.5.2 Identifisering van bates**

Identifisering word as volg gedefinieer:

"A mental operation whereby one attributes to oneself, either consciously or unconsciously, the characteristics of another person or group. The notion of transference is central here.

A process of establishing a link between oneself and another person or group. Although similar to 1, the connotation of this usage is closer to that of affiliation.

An act of recognizing similarity or identity between events, objects or persons. Here the notions of labeling and classifying are roughly synonymous. There are variations on all of these definitions and in many instances a single use illustrates more of them" (Die Penguin Dictionary of Psychology, 2001:338).

In my studie verwys die identifisering van bates na die erkenning van talente, vermoëns en sterkpunte van 'n dogter met Downsindroom.

### **1.5.3 Menslike ontwikkeling**

Papalia en Olds (1985:3) definieer menslike ontwikkeling as volg: "... the scientific study of how people change and how they stay the same over time".

### **1.5.4 Downsindroom**

'n Meer volledige beskrywing van die leerder met Downsindroom word in hoofstuk 2 verskaf. Die bespreking wat volg, is bloot ter inleiding en kontekstualisering.

Die oorsaak van Downsindroom word toegeskryf aan 'n oormaat genetiese materiaal. Die betekenis van die woord "sindroom" is 'n versameling kliniese tekens en simptome. Downsindroom is vir die eerste keer in 1866 deur dr. Langdon Down, 'n medikus aan die Earlswood Asylum for Idiots in Engeland, beskryf. Downsindroom (eers mongolisme genoem) is 'n aangebore afwyking wat deur 'n abnormaliteit in die genetiese materiaal veroorsaak word of trisomie 21, omdat dit veroorsaak word deur die aanwesigheid van 'n derde 21ste chromosoom. Die sindroom kom in ongeveer een uit elke 600 geboortes voor. Volgens Lorenz (1998:1) is Downsindroom 'n

genetiese kondisie wat veroorsaak word deur 'n fout tydens die proses van seldeling. Die leerder met Downsindroom het dus 47 chromosome in plaas van 46.

In die veld van intellektuele gestremdheid word Downsindroom beskou as die mees omstrede en ondersoekende verskynsel. Die drie tipes chromosoomafwykings wat Downsindroom veroorsaak, word vervolgens kortliks bespreek:

- **Trisomie 21** ontstaan wanneer die twee nommer 21- chromosome nie skei nie en albei chromosome, in plaas van een, in 'n eiersel of 'n spermsel beland. Hierdie enkele eiesel of spermsel het dan 24 chromosome.
- **Mosaïektipe** – word veroorsaak wanneer 'n persoon sommige of al die kliniese eienskappe van Downsindroom het, terwyl die chromosoomanalise 'n mengsel van normale en abnormale selle toon.
- **Translokasie** – verwys na die samesmelting van twee chromosome, naamlik chromosoom 21 en 15, 'n totaal van 46 chromosome, ten spyte van die ekstra chromosoom 21. Hierdie tipe Downsindroom is gewoonlik oorerflik (Lorenz, 1998:1).

Intellektuele gestremdheid word volgens die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM-IV-TR) (Fouth, 2000:49) as volg beskryf:

<b>Diagnostic criteria for Mental Retardation</b>		
A.	Significantly subaverage intellectual functioning: an IQ of approximately 70 or below on an individually administered IQ test (for infants, a clinical judgment of significantly subaverage intellectual functioning).	
B.	Concurrent deficits or impairments in present adaptive functioning (i.e., the person's effectiveness in meeting the standards expected for his or her age by his or her cultural group) in at least two of the following areas: communication, self-care, home living, social/interpersonal skills, use of community resources, self-direction, functional academic skills, work, leisure, health, and safety.	
C.	The onset is before age 18 years.	
<b>Code based on degree of severity reflecting level of intellectual impairment:</b>		
317	Mild Mental Retardation:	IQ level 50-55 to approximately 70
318.0	Moderate Mental Retardation:	IQ level 35-40 to 50-55
318.1	Severe Mental Retardation:	IQ level 20-25 to 35-40
318.2	Profound Mental Retardation:	IQ level below 20 or 25
319	Mental Retardation, Severity Unspecified: when there is strong presumption of Mental Retardation but the person's intelligence is untestable by standard tests.	



### 1.5.5 Biologiese sisteem

Cunningham (1996) noem die volgende biologiese kenmerke van leerders met Downsindroom:

"**Diagnosis:** Down syndrome is present only when an individual has a collection of the most common signs and the extra chromosome. The diagnosis does not predict the development or imply a ceiling on progress (Cunningham, 1996:57)".

Persone met Downsindroom het baie kenmerkende eienskappe, onder andere fyn, reguit hare; 'n growwe vel; oë wat skuins na bo loop met 'n velvou aan die neuskant (genoem die epikantiese vou); 'n kort neus met 'n lae neusbrug; 'n klein mond; 'n tong wat groot voorkom in verhouding tot die mond – dit hang dikwels uit en is diep gespleet; 'n kort breë nek; breë hande, kort vingers en dikwels net een horisontale palmvou (die Simiaanse vou); 'n kort postuur; hipotoniese (pap) spiere; 'n growwe stem met min variasie in toonhoogte; 'n lae weerstand teen infeksies; en verstandelike gestremdheid. Hulle bereik dikwels tydens hulle prestasie intelligensieskale wat gewoonlik tussen 30 tot 50 gemeet word.

Hierdie kinders is oor die algemeen gelukkig en opgeruimd. Koppigheid word soms as 'n persoonskenmerk genoem (Litton, 1978:20).

### 1.5.6 Die bate-gebaseerde benadering

In die navorsing gaan daar gefokus word op die rol wat die verskillende benaderings speel in die identifisering van bates by die leerder met Downsindroom.

Eloff en Ebersöhn (2001:148) is van mening dat professionele persone van twee maniere, naamlik die behoefte-gebaseerde en die bate-gebaseerde benadering, gebruik maak om probleme aan te spreek. Die behoefte-gebaseerde benadering is een manier om probleme aan te spreek. Die behoefte-gebaseerde benadering fokus sterk op die behoeftes, tekorte en probleme van die individu en die gemeenskap en ontwikkel dan strategieë om die behoeftes, tekorte en probleme aan te spreek. Volgens Kretzmann en McKnight (1993:2) gee die behoefte-gebaseerde benadering aanleiding daartoe dat individue en gemeenskappe negatiewe gedagtes oor hulself formuleer en hulself beskou as persone met behoeftes, tekorte en probleme. Dit ontnem die gemeenskap en individu die geleentheid om die positiewe eienskappe en moontlike geleenthede raak te sien. Andersins raak die persoon met

gestremdheid afhanklik van ander om probleme namens hulle aan te spreek en op te los.

Die ander benadering wat gevolg kan word is die bate-gebaseerde benadering. Volgens Eloff en Ebersöhn (2001:151) word die probleme en tekorte in die gemeenskap aangespreek deur die fokus te plaas op die versterking van die bates binne die sisteem. Die rasionaal van die bate-gebaseerde benadering het ten doel om die bestaande potensiaal, vaardighede en kapasiteit van die individue in die gemeenskap op so 'n wyse aan te wend dat dit tot voordeel van almal kan strek. Die benadering gee erkenning aan die bestaan van tekorte, behoeftes en probleme, maar verskuif die fokus van dit waaroor die gemeenskap nie beskik nie, na dit waaroor hulle wel beskik (Emmett, 2000:512). Volgens Eloff en Ebersöhn (2003:8) word die behoeftes, tekorte en probleme in die gemeenskap aangespreek deur die aanwending van die bates. Die gemeenskap word verryk deur die identifisering van bates, sterkpunte en vermoëns van die individu en dra verder by tot die versterking van die sisteem en die bevoegdheid van die individu.

### **1.5.7 Die ekosistemiese benadering**

Volgens O'Conner en Ammen (1997:1) is dit belangrik om die ontwikkelende individu in interaksie met multivlakke van sisteme, waaruit die individu se lewe of ekosisteem bestaan, te bestudeer wanneer daar vanuit 'n ekosistemiese benadering gewerk word. O'Conner et al. (1997:2) beskou die ekosistemiese benadering en die interaksie tussen die verskillende sisteme as belangrik en neem ook die ontwikkelings- en holistiese prosesse van die leerder in ag. Die ekosistemiese benadering laat die klem op die leerder val en hoe hy/sy binne die verskillende sisteme funksioneer. Binne die opvoedkundige instelling soos die skoolsisteem vind daar gedurig interaksie tussen die leerder, opvoeder, leermateriaal en die portuurgroep plaas. Die interaksie tussen al die verskillende sisteme in die klaskamer bied aan die leerder die geleentheid om haar bates te ontwikkel en sodoende die verlangde uitkomst te bereik. Die ekosistemiese benadering beklemtoon dus die feit dat die leerder nie in isolasie funksioneer nie, maar dat die verskillende sisteme soos die skool ten doel het om hul funksionering binne die ekosisteem waarin hulle bestaan te verbeter. Die leerder vorm die sentrale sisteem, terwyl doeltreffende interaksie tussen die ouers, die skool en die breër gemeenskap die interne en eksterne bates van die leerder kan uitbrei.

### **1.5.8 Die mediese model**

Volgens Kretzmann en McKnight (1993:2) staan hierdie benadering ook bekend as die "deficiency model" en fokus op die behoeftes, tekorte en probleme van individue en gemeenskappe. Die mediese benadering ontwikkel dan strategieë en maniere om die behoeftes en probleme aan te spreek. Volgens Lomofsky en Lazarus (2001:305; soos gesien in Botha, 2004) word gestremdhede en spesiale behoeftes, binne die mediese model, as 'n onherstelbare eienskap van die individu beskou. Die model skep die indruk by die individu dat hulle nie in staat is om probleme en behoeftes aan te spreek nie, maar dat dit slegs deur eksterne kundiges gedoen kan word. Die mediese model kan aanleiding daartoe gee dat die individu en die gemeenskap afhanklik raak van eksterne hulp en hom-/haarself beskou as 'n persoon met tekorte en behoeftes.

## **1.6 NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE**

### **1.6.1 Kwalitatiewe navorsingsontwerp**

'n Navorsingsontwerp impliseer die navorsingsbeplanning en het dus 'n groot invloed op hoe die navorsing gaan ontwikkel. Sellitz, et al. definieer navorsingsontwerp as volg: "A research design is the arrangement of conditions for collection and analysis of data in a manner that aims to combine relevance to the research purpose with economy in procedure" (1965:50).

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp gaan vir die doel van hierdie navorsing gebruik word. Volgens Creswell (1998:18) is kwalitatiewe navorsing gewens, wanneer die onderwerp verder ondersoek wil word en die deelnemers in hulle natuurlike omgewing waargeneem wil word. Kwalitatiewe navorsers verkry 'n dieper begrip van 'n sosiale verskynsel as wanneer gebruik gemaak word van kwantitatiewe data (Silverman, 2000:89 aangehaal in Botha, 2004:7). Aangesien ek van 'n gevallestudie gebruik gaan maak, beskou ek die kwalitatiewe navorsingontwerp as geskik vir my voornemende studie.

Om moontlike bates van die leerder met Downsindroom te identifiseer en te aktiveer gaan die navorsing die vorm aanneem van 'n kwalitatiewe gevallestudie. Ek het 'n tienjarige dogter met Downsindroom geïdentifiseer deur middel van doelbewuste steekproeftrekking.

Verskillende literatuur soos boeke en artikels word geraadpleeg om inligting rakende die navorsingsonderwerp te bekom.

Die data insamelingsproses is gedoen by Eden Opleidingsentrum, 'n skool vir leerders met verstandelike gestremdheid, in Worcester. Die data is ingesamel deur middel van deelnemende observasie, fokusgroepe, informele onderhoude met die ouers, opvoeders en arbeidsterapeut.

In die onderstaande tabel word die strategieë van data insameling uiteengesit wat die navorsingsprobleem beantwoord:

**Tabel 1: Strategieë van data-insameling**

PROBLEEMSTELLING	METODE VAN DATA-INSAMELING
<p><b>1. Hoofprobleem:</b></p> <p>Watter bates kan by 'n dogter met Downsindroom geïdentifiseer word?</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Literatuurstudie</li> <li>- Instrumentele gevallestudie</li> </ul>
<p><b>2. Neweprobleem:</b></p> <p>2.1 Individuele bates (Oor watter potensiaal, talente, vaardighede en vermoëns beskik die leerder met Downsindroom wat geaktiveer kan word sodat beter leer kan plaasvind?).</p> <p>2.2 Ekosistemiese bates (Watter bates in die ekosisteem kan benut word om die leerervarings van die leerder met Downsindroom te verryk?).</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Deelnemende waarneming</li> <li>- Onderhoude</li> <li>- Fokusgroepe</li> <li>- Informele onderhoude</li> </ul>

## 1.6.2 Metodologie

Terre Blanche en Durrheim (1996:6) beskryf die metodologie van 'n studie as die wyse waarop die navorser te werk gaan in die praktiese bestudering van 'n verskynsel. Vervolgens 'n kort bespreking van die metodologiese aspekte wat in my navorsing gebruik is:

### 1.6.2.1 Data-insameling

Volgens Huysamen (1998:174) staan die navorser sentraal binne die gevallestudie en is baie keer self die navorsingsinstrument. Die verskillende maniere van insameling van data sluit in die raadpleeg van verskillende literatuur soos boeke en

artikels, onderhoude en observasies om die eenheid van die ondersoek te bestuur. Volgens Mouton (2003:87) dien literatuurstudie as 'n ontdekking van vorige navorsing wat oor die onderwerp gedoen is, huidige teorieë en moontlike beskikbare instrumentasie wat tydens vorige navorsingsprojekte toegepas is. Volgens Creswell (1988:111) is data-insameling 'n reeks interafhanklike aktiwiteite wat gerig is op die versameling van goeie inligting om sodoende navorsingsvrae te kan beantwoord. Dit skep dan die geleentheid vir al die deelnemers om aktief betrokke te raak by die insameling van data en die analise daarvan. Ek beoog om van die volgende data-insamelingstegnieke gebruik te maak:

- Deelnemende observasies van aktiwiteite in die klas en op die speelterrein is gedurende die navorsing gemaak. Die doel van die observasies was om moontlike bates by die leerder te identifiseer tydens lesure en wanneer sy met haar portuurgroep gesosialiseer het.
- Video-opnames en klankopnames is tydens onderhoude met die opvoeder, ouers, arbeidsterapeut en die fokusgroep gemaak. Volgens Adelman et al. (1983:73) word die opneem van oudio-visuele opnames beskou as die beste manier om detail van sessies by te hou vir latere gebruik.
- Veldwerk vorm 'n integrale deel van die data-insameling as deel van die studie. Dit stel die navorser in staat om deur informele gesprekvoering met die deelnemers betrokke te raak en die verskynsel, soos deur die deelnemers ervaar, te verstaan. Veldnotas maak dit verder moontlik om verbale en nie-verbale boodskappe van die deelnemers waar te neem. Volgens Babbie en Mouton (2001:454) is die analisering van nie-verbale kommunikasie belangrik by kwalitatiewe navorsing, want "... the recording of facial expressions, gestures and movements can be triangulated with verbal data. The interviewer would trust the responses more if the body language was congruent with the verbal statements". Veldnotas verhoog die kwaliteit van die informasie wat uit die onderhoude met die verskillende deelnemers verkry is (Adelman et al., 1983:78).
- Ongestruktureerde onderhoude sal deur die loop van die data-insamelingsproses met die ouers, opvoeders, arbeidsterapeut en die fokusgroep gevoer word. Volgens Silverman (1993:88) is gestruktureerde-,

ongestruktureerde- of semi-gestruktureerde onderhoudvoering 'n effektiewe data-produksietegniek, want dit bring bruikbare inligting na vore. Dit stel die navorser in staat om vrae te stel met betrekking tot feite, gevoelens, motiewe, huidige - en vorige gedrag, standaard vir gedrag en bewuste redes vir aksies en gevoelens. Die onderhoude met die fokusgroep gaan aangewend word om data te versamel om moontlike bates by die leerder te identifiseer. Volgens Patton (1987:135; Botha, 2004:10) is 'n fokusgroep 'n klein groepie mense wat gesamentlik aan 'n bespreking oor dieselfde onderwerp deelneem. In hierdie navorsing het dit ten doel om bates by die leerder met Downsindroom te identifiseer.

### **1.6.2.2 Data-analise**

Volgens Marshall en Rossman (1995:111) is data-analise 'n proses wat gebruik word om orde, struktuur en betekenis te verkry uit al die data wat ingesamel is. Data-analising begin reeds tydens die eerste onderhoud en observasies, dit wil sê sodra alle data wat versamel is, getranskribeer word (Merriam, 1991:123). Volgens Hall (1998:49, aangehaal uit Botha, 2004:11) moet die data wat verkry is, "opgebreek" word in hanteerbare temas, patrone of kategorieë deur middel van die koderingsproses, waar kodes toegesê word aan 'n spesifieke kategorie. In my data-analise gaan ek van kodes gebruik maak, omdat kodes die etikette is wat die navorser toesê aan die eenhede wat betekenisvol vir die navorsing is.

## **1.7 STRUKTUUR VAN DIE NAVORSING**

Die navorsing bestaan uit vyf hoofstukke en word as volg ingedeel:

### **Hoofstuk 1: Inleiding, Probleemstelling en Identifisering van konsepte**

In hoofstuk 1 word die studie gekontekstualiseer binne die bate-gebaseerde benadering en die navorsingsprojek wat tot die studie aanleiding gegee het. Die kernkonsepte word ook gedefinieer en 'n volledige uiteensetting van die studieprogram word voorsien.

### **Hoofstuk 2: Literatuurstudie**

In hoofstuk 2 word die literatuurstudie en struktuur van die studie uiteengesit en beskryf. Die bate-gebaseerde benadering sal in diepte bespreek word as 'n manier om bates by 'n dogter met Downsindroom te identifiseer.

**Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en Metodologie**

In hoofstuk 3 word die navorsingsontwerp en die metodologie van die studie bespreek. Die data-produksie, analise en interpretasie van die data, geldigheid en betroubaarheid en etiese oorwegings word toegelig.

**Hoofstuk 4: Verloop en resultate van die studie**

In hierdie hoofstuk word die proses van die identifisering van bates bespreek. 'n Opgawe van bates wat tydens die onderhoude met die verskillende deelnemers geïdentifiseer is, sal verskaf word.

**Hoofstuk 5: Bevindinge van die studie, gevolgtrekkings en aanbevelings**

In hierdie hoofstuk word die bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie bespreek. Beperkings van die studie word uitgelig en voorstelle vir verdere navorsing word gemaak.

## HOOFSTUK 2

# LITERATUURSTUDIE

"A theory is a set of interrelated constructs (concepts), definitions and propositions that present a systemic view of phenomena by specifying relations among variables, with the purpose of explaining and predicting the phenomena" (Kerlinger, 1973:9).

### 2.1 INLEIDING

Die belangrikheid van 'n teorie is die ontwikkeling van 'n benadering wat die uitkomst van spesifieke verskynsels kan verseker. Die ontwikkeling van 'n teoretiese raamwerk vir enige benadering moet dinamies wees. Dit moet buigbaar en relevant wees vir individue, groepe en gemeenskappe en gebruik kan word in ander teoretiese benaderings. Die raamwerk moet die individualiteit van alle deelnemers erken en moet toekomstgerig wees (White & Burnham, 1995:2; aangehaal uit Briedenhann, 2003:13). Die wetenskap en verskillende teorieë, metodes en sienings word gebruik om enige teoretiese raamwerk te ontwikkel.

Daar word toenemend wegbeweeg van die behoefte-gebaseerde benadering. Die behoefte-gebaseerde benadering fokus op die tekorte, behoeftes en probleme van die individu (Kretzmann & McKnight, 1993:2). Die benadering het tot gevolg dat leerders met gestremdhede hulself beskou as gestremd, wat aanleiding gee tot 'n gevoel van ontmagtiging en ontnugtering. Die potensiaal en sterkpunte van die individu word totaal misken. Die bate-gebaseerde benadering fokus op die sterkpunte, vermoëns, talente en hulpbronne binne die gemeenskap van die individu.

Volgens Babbie en Mouton (2001:204) werk elke navorser vanuit 'n sekere teoretiese raamwerk. Die teoretiese raamwerk is saamgestel uit verskillende teorieë wat relevant en bruikbaar behoort te wees vir die individue en gemeenskappe wat ondersoek word. My navorsing word gedoen vanuit 'n ekosistemiese perspektief, soos ontwikkel deur Donald, Lazarus en Lolwana (1997:65). Die ontwikkeling van die ekosistemiese model het 'n bydrae gelewer tot die klemverskuiwing dat leerhindernisse uitsluitlik intrinsiek is. Die teoretiese raamwerk is bate-gebaseerd en



bestaan uit die interne en eksterne bates (ekosisteme) van die 10-jarige dogter met Downsindroom.

Volgens Donald, Lazarus en Lolwana (1997:34) bestaan die ekosistemiese benadering uit die ekologiese teorie en die sisteemteorie. Die fokus van hierdie teorie is om te wys hoe individue en groepe op verskillende sosiale vlakke in dinamiese en interafhanklike verhoudings teenoor mekaar staan. Die ekologiese teorie is gebaseer op die interafhanklikheid en verhoudings wat tussen die verskillende organismes en hul fisiese omgewing bestaan en hoe die sisteme mekaar beïnvloed. Volgens Donald et al. (1997:35) strewende die totale sisteme na 'n toestand van dinamiese balans (ekwilibrium). Wanneer die balans versteur word, sal die sisteme die onewewigtigheid in die balans probeer herstel.

Eloff (2003:7) is van mening dat die bate-gebaseerde benadering 'n nuwe dimensie bring wanneer daar gekyk word na die leerder met Downsindroom. Hierdie benadering het gelei tot ontmagtiging en ontnugtering, omdat daar slegs op die tekorte van die leerders gefokus is en die rol van die gemeenskap totaal geïgnoreer is. Die talente, aanlegte en vermoëns van die leerder is in so 'n mate beperk dat die leerder met Downsindroom tot 'n afhanklike wese beperk is. Die bate-gebaseerde benadering fokus op die vermoëns en hulpbronne binne die individu en die breër gemeenskap en het ten doel om beide partye te bemagtig. Verder word die individu en die gemeenskap gemotiveer tot samewerking om sodoende gesamentlike aspekte aan te spreek. Hierdie benadering bied ook aan die breër gemeenskap die geleentheid om aktief betrokke te raak by die identifisering en aktivering van bates tot voordeel van die individu en die breër gemeenskap. In hierdie navorsing gaan die bates van die leerder met Downsindroom, in samewerking met die gemeenskap, geïdentifiseer word.

## **2.2 DIE BEHOEFTE-GEBASEERDE BENADERING**

Die belangrikheid om bepaalde benaderings te ondersoek bly 'n ope vraag.

Volgens Ebersöhn en Eloff (2002:6) word daar baie tyd en aandag gespandeer aan die oorweging van benaderings wat moontlik gebruik kan word in die identifisering van bates. Die keuse van 'n benadering kan die uitkomst van die ondersoek beïnvloed.

Emmett (2000:511) is van mening dat die behoefte-gebaseerde benadering die mees dominante benadering ten opsigte van ontwikkeling in Suid-Afrika en die res van die wêreld is. Die benadering fokus alleenlik op die behoeftes, tekorte en probleme van individue en gemeenskappe. Verder ontwikkel die benadering strategieë om hierdie behoeftes en tekorte aan te spreek. Volgens Kretzmann en McKnight (1993:2) staan die benadering ook bekend as die "deficiency model" of die mediese model. Die behoefte-gebaseerde benadering kan aanleiding gee tot negatiewe indrukke van 'n gemeenskap. Die inwoners van die gemeenskap kan hulself beskou as persone met tekorte, wat uitgelewer is aan hulle omstandighede. Volgens Kretzmann en McKnight (1993:2) word die leerders met Downsindroom, hulle ouers en die breër gemeenskap afhanklik van dienste wat deur kundiges aan hulle gelewer word. Die eksterne kundiges word die "eksperts" in die oplos van probleme, terwyl die afhanklikheid en ontmagtiging van die gemeenskap in stand gehou word. Dit mag die gevoel van hulpeloosheid by die individu skep, aangesien die aanspreek en oplos van probleme buite die vermoë van die gemeenskap gesetel lê.

Volgens Emmett (2000:512) kan die behoefte-gebaseerde benadering tot die volgende negatiewe gevolge lei:

- Die behoeftes en tekorte in 'n gemeenskap kan so oorweldigend wees dat dit die gemeenskap ontmoedig en ontmagtig, eerder as om hulle aan te moedig en te bemagtig.
- Die behoefte-gebaseerde benadering het gedeeltelik ontstaan op grond van die voorsiening van ondersteuningsdienste aan die leerders met gestremdhede en hul gesinne (Eloff & Ebersöhn, 2001:150). Hierdie benadering is nie effektief binne die Suid-Afrikaanse konteks nie, omdat dit die invloed van sistemiese en die breër sosio-ekonomiese faktore ignoreer. Die professionele persone wat wel die konteks en ander faktore van die individu in ag neem, sal nog steeds geneig wees om op die behoeftes en tekorte te fokus. Dit het die behoefte laat ontstaan vir ander benaderings wat die totale konteks van die individu in ag neem (Eloff & Ebersöhn, 2001:150).

### 2.3 DIE BATE-GEBASEERDE BENADERING

Die bate-gebaseerde benadering word beskou as 'n alternatief vir die behoefte-gebaseerde benadering, omdat die fokus vanaf die behoeftes en tekorte na die sterkpunte, vermoëns en bates (Ebersöhn & Eloff, 2003:6) verskuif. Die hoofokus van die bate-gebaseerde benadering is om alle bates binne die verskillende sisteme soos die huis, skool en die breër gemeenskap te identifiseer en mobiliseer.

Die bate-gebaseerde benadering is deur Kretzman en McKnight (1993:5) ontwikkel vanuit hul werksaamhede en betrokkenheid in die gemeenskap in die Verenigde State van Amerika. Die bate-gebaseerde benadering het ten doel om die bestaande potensiaal, vaardighede en kapasiteit van die inwoners van die gemeenskap in so 'n mate aan te wend, sodat dit tot voordeel van almal kan strek. Volgens Eloff en Ebersöhn (2001:151) word die probleme en tekorte in die gemeenskap aangespreek deur die fokus te plaas op die versterking van die bates binne die sisteem.

Die bate-gebaseerde benadering word beskryf as 'n "bottom up" benadering waar die fokus verskuif word vanaf die verskaffing van dienste aan die gemeenskap na die bemagtiging deur die skep van netwerke tussen alle rolspelers in die gemeenskap. Insluiting is ook kenmerkend van die benadering, aangesien elke individu se betrokkenheid en samewerking in die gemeenskap tot voordeel van die gemeenskap aangewend word. Die fokus verskuif ook vanaf die benadering van professionele kundigheid na die erkenning van bestaande kennis waaroor die gemeenskap beskik. Daarom word daar ook na die benadering verwys as die "half vol" - eerder as die "half leeg" - benadering. Daar word gekyk na die kundigheid van die hulpbronne in die gemeenskap, soos die inwoners, verenigings en instellings om hul probleme self aan te spreek en op te los. Dit is nie die doel van die benadering om die gemeenskap te vervreem van eksterne hulp nie, maar dat interaksie steeds aangemoedig en benut moet word. Kretzman en McKnight (1993:3) is van mening dat eksterne hulp meer betekenisvol aangewend behoort te word, sodat plaaslike bates meer uitgebou kan word en nie aanleiding gee tot die verdere ontmagtiging van die plaaslike gemeenskap nie. Die lede van die gemeenskap stel hul eie uitkomst wat hulle wil bereik op en besluit hoe hulle van eksterne hulp en ondersteuning gebruik gaan maak om in hul doel te slaag.

'n Verdere kenmerk van die bate-gebaseerde benadering is dat die uitbouing van verhoudings tussen die individue, gesinne, bronne en instansies van uiterse belang vir die instandhouding van die benadering is. Die bate-gebaseerde benadering word volgens Shields (1999:341) vergelyk met 'n kompas wat die rigting aandui vir professies, gemeenskappe en individue om by hulle spesifieke en unieke behoeftes aan te pas.

'n Kort opsomming van die vergelyking tussen die behoefte-gebaseerde en die bate-gebaseerde benadering volg:

**Tabel 2: Vergelyking tussen die behoefte-gebaseerde en die bate-gebaseerde benadering**

<b>Behoeftes-gebaseerde benadering</b>	<b>Bate-gebaseerde benadering</b>
<b>Ontologie</b> Fokus op tekorte en behoeftes Glas is half leeg Westerse oriëntasie Onvermoë Enkel realiteit	<b>Ontologie</b> Fokus op bates en kapasiteit Glas is half vol Multi-kulturele oriëntasie Vermoëns Meer realiteite
<b>Professionele rol</b> Verskaf 'n diens Ekspert Neem disfunksie waar Etiketterming Eksklusiewe kennis Versamel data in verband met probleme Verskaf inligting Redes en rasionaliteit	<b>Professionele rol</b> Bring "kliënte " en bates in aanraking Netwerker Sien aanpasbare selfhandhawing Verstaan Gedeelde kennis Versamel data oor bates en kapasiteit Bring in aanraking met inligting Verhoudings
<b>Dienste</b> Paternalisties Fondse lei tot moedeloosheid Siklus van afhanklikheid Gefragmenteerde dienste Dissipline spesifieke benadering	<b>Dienste</b> Ondersteunend Fondse bevorder pro-aktiwiteit Siklus van bemagtiging Samewerking Funksionele benadering
<b>Kliënte</b> Kliënte Ontkenning en onkunde Beperkte beheer	<b>Kliënte</b> Eksperts Sienings belangrik Optimale beheer

(Ebersöhn & Eloff, 2003:12)

## **2.4 DIE BATE-GEBASEERDE BENADERING VIR LEERDERS MET DOWNSINDROOM**

In die onderstaande tabel word die bate-gebaseerde benadering as alternatief vir die behoefte-gebaseerde benadering uiteengesit.

**Tabel 3: Konsepte van die bate-gebaseerde benadering**

<b><i>Uitgangspunt:</i></b>	Die individu en die gemeenskap neem weer beheer deur verantwoordelikheid oor hul eie sake te neem. Die individu met gestremdhede is dus minder afhanklik van andere, omdat die fokus verskuif van tekorte na die vermoëns waaroor sy beskik. Die opneem van verantwoordelikheid en beheer deur die individu werk ook verandering binne die persoon en die gemeenskap aan die hand.
<b><i>Definisie:</i></b>	Elke individu is uniek, aangesien almal oor bates, talente, vaardighede en vermoëns beskik. Alhoewel leerders met Downsindroom fisiese en soms geassosieerde leer- en sosiale probleme ondervind, wat spesiale behoeftes benodig, het die leerder met Downsindroom dieselfde emosionele en fisiese behoeftes as die leerder sonder gestremdhede. Daar bestaan geen verskil in die vereiste by emosionele groei van 'n leerder met of sonder gestremdhede nie. Die kans dat 'n leerder met Downsindroom 'n hoë risiko-leerder kan word, word beperk deur die identifisering en aktivering van interne en eksterne bates, tot voordeel van die leerder (Roehlkepartain & Leffert 2000:9).
<b><i>Terminologie:</i></b>	Die terminologie wat in hierdie navorsing gebruik word, word positief aangewend deurdat dit op die leerder self fokus en nie op die gestremdhede van die leerder nie. Daarom word daar na die leerder met gestremdhede verwys en nie na die Downsindroom leerder nie. "I'm not a disability, I'm me. I'm not a downs syndrome daughter, I'm me." (aangepas uit Donald, Lazarus & Lolwana 1997:231)
<b>ELEMENTE VAN DIE BATE-GEBASEERDE BENADERING</b>	
Die volgende sleutelemente en unieke eienskappe van bogenoemde benadering word kortliks onderskei (Page-Adams, 1997; Bohach, 1997; Smith, 2001; Eloff, 2003; Hein, 1999):	
<b><i>Geassosieerde gemeenskappe:</i></b>	Dit is die basiese beginsel vir die identifisering en mobilisering van vaardighede, talente, vermoëns en bevoegdhede van individue. Dit verskaf die sosiale ruimte waarbinne bevoegdhede eerder as behoeftes in kan manifesteer (Eloff, 2003:22).
<b><i>Talente:</i></b>	Dit is die persoonlike karaktereieenskappe, vaardighede, hulpbronne, kennis, belange en vermoëns van die leerder. Dit stel persone in staat om op die sterkpunte, eerder as die negatiewe punte, van die leerder te fokus.
<b><i>Bevoegdheid:</i></b>	Die vermoë om bates, hulpbronne en talente te deel. Inherent verwys dit na die geloof in bevoegdhede, die intensie om bevoegdhede te versterk en die motivering om dit te doen.
<b><i>Bou van bevoegdhede:</i></b>	Dit is die proses waar individuele- en gemeenskapsbates gemobiliseer word.
<b><i>Samewerking:</i></b>	Die optimalisering van hulpbronne en verryking van programuitkomste deur die skep van vennootskappe met ander lede van die gemeenskap en professies. Sodoende kan individue saamwerk om hulle eie sake van belang te identifiseer en aan te spreek.
<b><i>Bemagtiging:</i></b>	Dit is 'n sosiale aksieproses wat die deelname van individue, gemeenskappe en organisasies bevorder. Dit behels die identifisering van vermoëns en die mobilisering van die vermoëns vir konstruktiewe verandering.

<b>Wisselwerking:</b>	Daar is wederkerige voordele waar daar 'n ruiling van bates, bevoegdhede en hulpbronne tussen individue plaasvind.
<b>Verhouding:</b>	Dit vorm die basis tot intervensie in die bate-gebaseerde benadering. Dit sluit wedersydse ondersteuning, asook die deel van bates, bevoegdhede en kennis in.
<b>Kartografering van bates:</b>	Dit is die proses waar 'n grafiese voorstelling van geïdentifiseerde bates, binne die sisteem waar die helpende profesie werksaam is, gemaak word.
<b>Ontwikkelingsbates:</b>	Die "Search Institute of Minneapolis" (Roehlkepartain & Leffert 2000) het 'n raamwerk van 40 Ontwikkelingsbates by die voorskoolse/skoolgaande leerders ontwikkel. Eerder as om op probleme te fokus, word daar op die ontwikkelingsbates wat alle leerders nodig het, gefokus. Hierdie ontwikkelingsbates is die boustene wat die leerder help om positiewe besluite te neem en 'n positiewe lewenstyl te kies. In hierdie tabel sal dit as 'n riglyn vir die leerder met Downsindroom dien. Daar word onderskei tussen eksterne en interne bates en word as volg uiteengesit:

<b>[ONDERSTEUNING]</b>	
<b>EKSTERNE BATES –</b>	
<b>Gesinsondersteuning:</b>	Die gesinslewe voorsien hoë vlakke van liefde en ondersteuning.
<b>Positiewe gesinskommunikasie:</b>	Positiewe kommunikasie tussen die leerder met downsindroom, haar ouers en broer. Die totale gesin ondersteun die leerder in alle opsigte.
<b>Verhouding met ander volwassenes:</b>	Ondersteuning van 'n volwassene buite die gesinsopset – ouers het ondersteuning van 'n persoon buite die gesin.
<b>Gemeenskap wat omgee:</b>	Die ervaring van bure wat omgee.
<b>Versorgende omgewing buite die huis:</b>	Die leerder bevind hom/haar in 'n aanmoedigende omgewing buite die huis.
<b>Ouer betrokkeheid by buitemuurse aktiwiteite:</b>	Die ouers is aktief betrokke by die suksesvolle inskakeling van die leerder by buitemuurse aktiwiteite.
<b>[BEMAGTIGING]</b>	
<b>Gemeenskapswaardering vir leerder:</b>	Leerder word deur volwassenes waardeer en aanvaar.
<b>Rol toekenning:</b>	Ouers vind wyses waarin leerder betrek kan word in ouderdomsgpaste aktiwiteite.
<b>Diens aan ander:</b>	Hele gesin bedien ander in die gemeenskap.
<b>Veiligheid:</b>	Die gemeenskap en huis word leerder-veilig gemaak.
<b>[GRENSE EN VERWAGTINGE]</b>	
<b>Gesinsgrense:</b>	Die gesin het duidelike reëls. Aanvaarde gedrag word gemodelleer.
<b>Grense buite die huis:</b>	Die skool en dagversorgings bied die nodige stimulasie, asook rus en reëls wat nodig is vir leerders.
<b>Gemeenskaps-grense:</b>	Gemeenskapslede neem verantwoordelikheid in die supervisie en monitering van gedrag wanneer leerders buite die huisgrense met ander in interaksie tree.

<i><b>Volwasse nes as rolmodelle:</b></i>	Ouers en ander modelleer verantwoordelike en positiewe gedrag.
<i><b>Positiewe portuurgroep-interaksie:</b></i>	Leerdere word aangemoedig om in 'n veilige omgewing en onder supervisie met ander in interaksie te tree.
<i><b>Aanvaarbare verwagting vir ontwikkeling:</b></i>	Volwasse nes het realistiese verwagtinge vir die leerder. Leerdere word aangemoedig om hulle eie unieke talente te ontdek en te ontwikkel.
<b>[KONSTRUKTIEWE TYDGEBRUIK]</b>	
<i><b>Kreatiewe aktiwiteite:</b></i>	Die leerder neem deel aan musiek, kuns, sport, uitstappies, ens.
<i><b>Buitemuurse aktiwiteite:</b></i>	Die leerder neem aan stimulerende aktiwiteite buite gesinsverband deel. Aangesien die ouers met die behoeftes van die kind bekend is, maak hulle 'n keuse ten opsigte van die aktiwiteite.
<i><b>Positiewe supervisietyd by die huis:</b></i>	Supervisie word daagliks deur die moeder gedoen en oor naweke spandeer die gesin kwaliteittyd met mekaar op 'n ontspanne en informele basis.
<b>BETROKKENHEID BY LEER INTERNE BATES</b>	
<i><b>Prestasie, verwagting en motivering:</b></i>	Die ouers het positiewe en realistiese verwagtinge van die leerder en is nou betrokke by die leerproses.
<i><b>Verbind tot leer:</b></i>	Ouers het 'n positiewe en verantwoordelike houding teenoor die skool en die leerder se werk.
<i><b>Stimulerende aktiwiteite:</b></i>	Ouers maak 'n keuse ten opsigte van die leerder se aktiwiteite, omdat hulle bewus is van die leerder se kognitiewe funksionering, ontwikkelingsvlak en vermoëns.
<i><b>Plesier van leer:</b></i>	Ouers geniet dit om te leer en lei die leerder by leer-aktiwiteite.
<i><b>Lees vir ontspanning:</b></i>	Ouers lees aan leerder stories voor soos die behoefte ontstaan.
<b>POSITIEWE GESINSWAARDES</b>	
<i><b>Versorging:</b></i>	Ouers dien as rolmodelle vir die gesin. Hulle modelleer simpatie vir andere en ontwikkel sodoende 'n verskeidenheid van hulpgewende gedrag.
<i><b>Gelykheid en regverdigheid:</b></i>	Stel die voorbeeld dat almal gelyk is en 'n plek in die samelewing het.
<i><b>Integriteit, eerlikheid, verantwoordelikheid en gesonde leefwyse:</b></i>	Die gedrag word deur die gesin gemodelleer.
<b>SOSIALE BEVOEGDHEID</b>	
<i><b>Besluitneming en die maak van keuses:</b></i>	Dit word op 'n baie elementêre vlak gedoen.
<i><b>Interpersoonlike interaksie:</b></i>	Hulle leer by die skool en van hulle maats om hulle gevoelens uit te druk.
<i><b>Kulturele interaksie:</b></i>	Leerdere word deur middel van buitemuurse bedrywighede aan verskillende kulture en agtergrond blootgestel.
<i><b>Positiewe konflik en weerstand-beoefening:</b></i>	Word deur die leerder se ouers en ander volwasse nes gedoen.

<b>POSITIEWE IDENTITEIT</b>	
<b>Die gesin modelleer die volgende:</b>	Persoonlike krag (coping skills), 'n positiewe uitkyk op die toekoms, hoë selfwaarde en 'n doel in die lewe.
<b>BEHANDELING</b>	
Die doel van enige behandeling of intervensie is om die funksionering van die individu te verhoog en sodoende die faktore wat aan gestremdhede verwant is, te verminder. Dit word bewerkstellig deur die identifisering van die behoeftes van die individu, asook deur die erkenning van spesifieke behoeftes en vermoëns van die individuele leerder soos dit binne die konteks van die gesin en gemeenskap voorkom.	

Vervolgens word die leerder met Downsindroom bespreek.

## **2.5 DIE LEERDER MET DOWNSINDROOM**

### **2.5.1 Historiese oorsig**

Dwarsdeur die geskiedenis is dit duidelik dat minderheidsgroepe wat op een of ander manier anders was of afgewyk het van die norm, verduidelik moes word. Die Olmecs was 'n stam wat vanaf 1500 v.C tot 300 n.C in die Golf van Mexico gewoon het (Stratford & Gunn, 1996). Daar is weinig geskrewe bewyse agtergelaat, maar argeoloë het voldoende bewyse van die gestremdhede aan die hand van verhewe beeldwerk, beeldhoukuns en artefakte nagelaat. Sommige beeldwerk wil te kenne gee dat die teenwoordigheid van kinders met Downsindroom die oorsaak was van omgang tussen die mees senior vroue van die Olmecstam en die jaguar. Rotstekeninge in die grotte by Oxtitlan beskryf die verhouding wat tussen die jaguar en die mens bestaan het (Milton & Gonzalo, 1974:4). Dié kinders het spesiale behandeling ontvang, omdat hulle dikwels deur ouer en meer senior vroue van die stam in die lewe gebring is. Omdat slegs 'n klein persentasie oorleef het, is 'n status van rariteit aan hulle toegeken. Hulle het die fisiese en gelaatseienskappe van Downsindroom gehad en die karaktertrekke is deur die gemeenskap as heilig beskou. Godsdienstige en bomenslike betekenis is aan die mense met Downsindroom toegedig.

Downsindroom is vir die eerste keer in 1866 geïdentifiseer, alhoewel daar reeds vroeër pogings aangewend is om die verskynsel van Downsindroom by kinders te verduidelik. Volgens Rogers en Coleman (1985) is daar egter onwetenskaplike verklarings uitgereik, onder andere, dat normale babas deur kinders met



Downsindroom omgeruil is, sodat die spesiale kinders kon staatmaak op menslike versorging. Downsindroom is vir die eerste keer in 1866 deur John Langdon Down, 'n dokter aan die "Earlswood Asylum for Idiots" in Engeland, beskryf. Tydens die tydperk wat hy superintendent van Ealswood Asylum for Idiots in Surrey was, het hy verstandelik gestremde individue beskryf wat vandag as persone met Downsindroom bekend staan (Rogers & Coleman, 1985). Sy kliniese beskrywing van die persone met Downsindroom was korrek, maar sy teorie en aanname dat hulle op die Mongoolse ras trek, is later as 'n etniese fout beskou. Die gevolg was dat die benaming "mongool" verkeerdelik aangewend is om hierdie persone te beskryf. Die term "mongolisme" is nooit in Rusland gebruik waar hiedie stam gewoon het nie, maar daar is bloot na hulle as "downs" verwys. Gedurende die sestigerjare het Chinese en Japannese navorsers die term "mongool" of "mongolisme" as baie negatief beskou en hulle is deur ouers met sulke kinders ondersteun om die term te verander. Die Wêreld Gesondheidsorganisasie is in dieselfde tydperk versoek om nie meer die terme "mongool" of "mongolisme" te gebruik nie (Howard-Jones, 1979).

'n Kliniese beskrywing van Downsindroom is reeds in 1866 gedoen, maar die werklike oorsaak daarvan was nog onbekend. Seguin het in 1843 hierdie sindroom as 'n tipe kretinisme of skildklierinfeksie beskryf. Willmart (soos aangehaal deur Rogers & Coleman, 1985) het in sy "Report on the examination of one hundred brains of feeble-minded children", aangedui dat die oorsaak vir Downsindroom waarskynlik in die afwesigheid van sekere selgroepe in die medulla geleë is.

John Langdon Down het daarin geslaag om die verskil tussen Downsindroom en Kretinisme uit te wys. Alhoewel daar fisiese ooreenstemming tussen die eienskappe van die twee groepe was, is die aannames wat sedert 1896 geheers het, naamlik dat skildklierbehandeling 'n verstandelike verbetering by kinders met Downsindroom teweeg kan bring, foutief. Dit is egter waar dat 'n subgroep van kinders met Downsindroom wel aan skildklierprobleme ly – 'n feit wat kontemporêre navorsers steeds interesseer. Volgens Percy et al. (1990) ondersoek navorsers ook die verband tussen skildklierprobleme by sommige volwassenes met Downsindroom en Alzheimersiekte.

In 1932 was Waardenburg en in 1934 Adrian Bleyer reeds van mening dat die oorsaak vir Downsindroom moontlik toegeskryf kan word aan 'n chromosoomafwyking (Rogers & Coleman, 1985). Wetenskaplike bewys hiervoor is

egter eers in 1959 gevind toe Jerom Lejeune et al. van Frankryk en Patricia Jacobs et al. van Brittanje feitlik gelyktydig 'n ekstra chromosoom by hierdie kinders geïdentifiseer het (Rogers & Coleman, 1985).

Die genetiese oorsake vir Downsindroom word kortliks in afdeling 2.2 bespreek.

### **2.5.2 Die genotipe of genetiese oorsake vir Downsindroom**

Lorenz (1991:1) is van mening dat Downsindroom nie op grond van fisiese eienskappe (sien 2.3) alleen gediagnoseer word nie, maar moet altyd met behulp van 'n chromosoomondersoek bevestig word. Chromosome is klein struktuurtjies wat die genetiese materiaal van die mens bevat (Departement van Gesondheid, Welsyn & Pensioene, s.j.). Dit verklaar waarom Downsindroom as 'n genetiese afwyking bekend staan.

Elke liggaamsel bevat 23 pare (dit wil sê 46) chromosome, behalwe die geslagselle wat net 23 chromosome bevat. Indien 'n persoon gebore word met 'n ekstra kopie van chromosoom 21, en dus oor 47 chromosome beskik, sal daardie persoon Downsindroom hê (Patterson, 1993). Indien 'n persoon gebore word met slegs 'n gedeelte van 'n chromosoom 21, sal daardie persoon steeds Downsindroom hê.

Die drie verskillende tipes chromosoomafwykings in Downsindroom word vervolgens kortliks bespreek (Kaplan & Sadock, 1981:859).

### **2.5.3 Trisomie 21**

Trisomie 21 ontstaan wanneer die twee nommer 21-chromosome nie skei nie en beide chromosome, **in plaas van een**, in 'n eiersel of 'n spermsel beland. Hierdie enkele eier of spermsel het dan 24 chromosome, in plaas van 23. Wanneer bevrugting met 'n normale geslagsel met nommer 23-chromosome plaasvind, word 'n bevrugte eiersel met chromosome gevorm. Die baba wat uit hierdie sel ontwikkel, sal dus 'n ekstra nommer 21 chromosoom in elke liggaamsel hê, en sal gevolglik as 'n baba met Downsindroom gebore word.

Die Trisomie 21-tipe Downsindroom kan veroorsaak word deur die nie-skeiding gedurende die vorming van óf die eiersel van die moeder, óf die spermsel van die vader. Die kans dat nie-skeiding plaasvind, neem egter toe by die vrou namate sy ouer word.

Ongeveer 90% van persone met Downsindroom is van die Trisomie 21-tipe. Trisomie 21-tipe Downsindroom is nie oorerflik nie.

#### **2.5.4 Mosaïektipe Downsindroom**

In ongeveer 6% van gevalle gebeur dit dat 'n persoon sommige of al die kliniese eienskappe van Downsindroom het, terwyl die chromosoomanalise 'n mengsel van normale en abnormale selle toon. Sulke gevalle staan bekend as die Mosaïektipe Downsindroom. Die tekens is gewoonlik minder ernstig, afhangende van watter proporsie van die liggaamselle abnormaal is. Hierdie tipe Downsindroom word veroorsaak deur 'n fout in seldeling op chromosoom 21 **na** bevrugting. Mosaïektipe Downsindroom is dus nie oorerflik nie.

#### **2.5.5 Translokasietipe Downsindroom**

Hierdie tipe Downsindroom is oorerflik. Die oorsaak van hierdie tipe Downsindroom lê by die teenwoordigheid van 'n sogenaamde gebalanseerde translokasie in óf die moeder óf die vader van die geaffekteerde kind. In so 'n ouer kan een chromosoom nommer 21 aan 'n nommer 14-chromosoom geheg raak. Die persoon is geheel en al normaal, aangesien al die gene op die chromosome teenwoordig is – al kom hulle nie in die regte posisie voor nie. Hierdie ouer is egter 'n draer van Translokasietipe Downsindroom.

'n Baba van 'n draer van Translokasietipe Downsindroom kan wel oor al die kliniese tekens en simptome van Downsindroom beskik, hoewel hy net 46 chromosome in elke sel het. In hierdie gevalle is egter gevind dat, behalwe vir die feit dat sodanige babas die normale chromosoompaar nommer 21 het, hulle 'n ekstra gedeelte van chromosoom nommer 14 het.

Dit is raadsaam om ook 'n chromosoomondersoek op die normale kinders van 'n draerouer te doen, ten einde genetiese raadgewing vir sodanige kinders se latere swangerskapbeplanning te bekom. Dit is belangrik om te onthou dat, ongeag die tipe Downsindroom wat gediagnoseer word, dit gewoonlik nie 'n wesenlike verskil aan die uiteindelijke ontwikkeling en potensiaal van die kind maak nie.

Daar is 'n wye verspreiding in die mate van gestremdheid by kinders met Downsindroom. Sommige kinders blyk baie min gestremd te wees, terwyl ander weer verstandelik baie ernstig gestremd is (Nadel, 1993).

### 2.5.6 Die fenotipe of fisiese voorkoms van Downsindroom

Soos genoem in afdeling 2.1, gee kinders met Downsindroom ooglopend dieselfde kliniese beeld, wat dit dus geredelik maklik maak om gemeenskaplike fisiese eienskappe by hierdie kinders te identifiseer.

Babas met Downsindroom kan reeds met geboorte aan die hand van hulle fisiese voorkoms geïdentifiseer word. Volgens Le Roux (1968) word kinders met Downsindroom wel aan die volgende fisiese kenmerke uitgeken:

- i. Klein velvoutjies wat die binneste hoeke van die oë bedek (epikantiese voue).
- ii. Effens skewe ogies en wenkbroue.
- iii. Die neusbeen is onderontwikkel en die neusie vertoon klein.
- iv. 'n Mond wat effens oophang met 'n tongetjie wat breed en korrelrig is en geneig is om uit te hang.
- v. Die handjies en voetjies is gewoonlik kort en breed.
- vi. Die pinkie is dikwels krom en na binne gebuig en het dikwels net een lit.
- vii. Die skedel vertoon rond en is ondergemiddeld in omtrek.
- viii. Die hare is yl en dun.
- ix. Temperamentseienskappe is gewoonlik gelykmatig en vriendelik.
- x. Daar kom dikwels oorskulpgebreke voor.

Nie al bogenoemde eienskappe kom by alle babas met Downsindroom voor nie. Hierdie kinders se gelaatstrekke vergelyk goed met die van hul ouers (Downsindroomvereniging, 1994) met sommige of al die tipiese kenmerke van Downsindroom.

Steenkamp en Steenkamp (1993) wys daarop dat spraakprobleme by hierdie kinders voorkom, waarskynlik as gevolg van 'n lae verhemelte wat veroorsaak dat die tongetjie nie voldoende bewegingsruimte het nie. Die spiertonus van hierdie babas is swak, wat dikwels 'n negatiewe invloed op psigomotoriese vaardighede het. Downsindroom word egter nie op grond van fisiese eienskappe alleen gediagnoseer nie. Die diagnose moet met 'n chromosoomondersoek, soos verduidelik in afdeling 2.2, bevestig word.

## 2.6 RAAMWERK VIR BATE-IDENTIFISERING

Die teoretiese raamwerk vir die ekosistemiese perspektief soos deur Donald, Lazarus en Lolwana (1997:65) ontwikkel, het 'n waardevolle bydrae gelewer ten opsigte van die bate-gebaseerde benadering. Die ekosistemiese benadering wil die voordele van die individu verander deur die bestudering van die individu binne sy sosiale konteks en die verskillende sisteme, d.w.s die verskillende vlakke en groeperinge binne die sosiale konteks wat hulle beïnvloed. Die bate-gebaseerde benadering het ten doel om die individu in sy totaliteit binne sy sosiale konteks te beskou. Die benadering beweeg weg van die tekorte van die individu en plaas die fokus op die vermoëns, vaardighede en bates binne die individu se sosiale sisteme. Verder word die individu en die breë gesin ondersteun en bemagtig om op 'n meer konstruktiewe wyse met hul tekorte en probleme om te gaan.

Die identifisering van bates in 'n gemeenskap kan op verskillende maniere gedoen word. Die bate-kartografering van die vaardighede, talente, vermoëns en ondersteuningshulpbronne is 'n manier hoe bates uitgeken kan word. Die relevansie van die teorie is om die verskillende sisteme in aanraking te bring, sodat dit tot voordeel van die individu sal wees.

Die gemeenskapsbate-kartograaf van Kretzman en McKnight (1993:7), waar die bates van die gemeenskap aangedui word, kan as teoretiese raamwerk vir die bate-gebaseerde benadering dien. Dit dui die primêre konstrakte aan waarbinne die bates in die gemeenskap geïdentifiseer kan word. Volgens Kretzman en McKnight (1993) word bates en kapasiteit op drie vlakke onderskei, naamlik:

- Individu se bates: talente, gawes, portuurgroep, ens.
- Verenigings: kerke, kulturele groepe, ens.
- Plaaslike instellings: skool, besighede, parke, sportklubs, biblioteke, ens.

Donald, Lazarus en Lolwana (1997:65) se teoretiese raamwerk vir die ekosistemiese perspektief word op drie vlakke onderskei, naamlik:

- Die individu
- Die breë gemeenskap

- Die plaaslike gemeenskap insluitende die gesin, skoolgemeenskap, portuurgroep, ens.
- Die algehele sosiale sisteem

Bronfenbrenner (1977) se ekosistemiese model ten opsigte van die verskillende vlakke van sisteem betrokkenheid in die proses van kinderontwikkeling:

- **Mikrosisteem:** Die omgewing waar die individu ontwikkel en blootgestel word aan direkte kennis en ervarings soos die familie, skool, portuurgroep, werk, ens.
- **Mesosisteem:** Op hierdie vlak staan twee of meer van die individu se sisteme, soos die portuurgroep, skool en familie in verhouding tot mekaar en daar bestaan interaksie tussen die verskillende sisteme.
- **Eksosisteem:** Dit sluit sisteme in waar die individu nie direk betrokke is nie, maar wat 'n bepaalde invloed op die individu het. Dit is die individu se ouers se werkplek, plaaslike onderwysinrigtings en beheerliggame en gemeenskapsoporganisasies.
- **Makrosisteem:** Dit sluit die dominante sosiale strukture, sowel as die oortuigings en waardes wat beïnvloed word deur al die ander vlakke van die sisteme in. Dit is geloof, waardes en beleid van die wêreld en die liggame wat dit bepaal.

Daar bestaan 'n sterk ooreenkoms tussen die raamwerke van Bronfenbrenner (1977) en Donald, Lazarus en Lolwana (1997:2002). Die raamwerk in hierdie studie het ten doel om die genoemde raamwerke te versoen, sodat 'n relevante en bruikbare raamwerk daar gestel kan word vir die identifisering van bates by die leerder met Downsindroom binne die Suid-Afrikaanse konteks.

### **2.6.1 Die proses in die samestelling van 'n kartograaf vir sleutelbates**

'n Uiteensetting van 'n bepaalde batelys, soos saamgestel deur Kretzman en McKnight (1993) en Donald, Lazarus en Lolwana (1997:2002), word in hierdie hoofstuk bespreek. Bate-kartografering behels die ontwikkeling van 'n volledige lys van fisiese bates soos die skool, hospitaal, biblioteek, ens. Die volledige kartograaf bied die geleentheid vir die identifisering, mobilisering en ontwikkeling van bates wat as riglyn vir die ontwikkeling van 'n soortgelyke lys vir die leerder met Downsindroom gebruik kan word. 'n Bate-kartografering word deur Eloff (2003:36) beskryf as 'n


aktiewe en dinamiese proses wat alle rolspelers wat betrokke was by die intervensie ook betrek by die proses van kartografering. Kretzmann en McKnight (1993:6) definieer bate-kartografering as die proses waartydens 'n grafiese voorstelling gemaak word van die bates wat geïdentifiseer is in die sisteem waar die individu werksaam is. Die visuele voorstelling van die geïdentifiseerde bates word beskou as die begin van die proses van die mobilisering van bates. Die deelnemers aan die proses lewer bydraes deur middel van onderhoude, fokusgroepe, ens. Die doel van die batelyst is om 'n struktuur vir die denke te skep en om objektiwiteit te bewerkstellig. Dit help om die konteks, die interpersoonlike verhoudings tussen die sisteme te verstaan, asook die potensiaal van die bates en bevoegdhede. Die verskillende deelnemers benader die proses in die bate-gebaseerde benadering op verskillende maniere afhangende van hulle styl en konteks.

Shields (1999:341) stel die volgende stappe voor, naamlik:

- Die bou van die vennootskap tussen die bepaalde individue en organisasies of groep.
- Die kartografering van die vaardighede en bates van 'n individu en organisasie of groepe.
- Mobilisering van gemeenskap- en individuele bates en hulpbronne.
- Beïnvloeding van hulpbronne buite die gemeenskap.

In die volgende figuur word 'n grafiese voorstelling van 'n raamwerk vir bate-kartografering gemaak. In die voorstelling word al die vlakke wat binne die bate-gebaseerde benadeing teenwoordig is, uiteengesit.

**Figuur 1: Raamwerk vir bate-kartografering**



(Eloff & Ebersöhn)



## 2.6.2 Die verskillende konstrakte soos uiteengesit in die grafiese voorstelling

### Breë sosiale sisteem – Die gemeenskap

Definisie van 'n gemeenskap volgens die Oxford (1993:9) is as volg "... it is a geographical area, locality or neighbourhood, and community as a network of social interaction and support". Die bate-gebaseerde benadering het ten doel om die individuele vooroordele te verander deur mense altyd binne die konteks van die sosiale sisteem waarvan hulle deel vorm en wat hulle beïnvloed, te bestudeer.

### Individuele bates

Volgens Eloff (2003:37) word die individuele bates sentraal geplaas, omdat hierdie deel van die bate-sisteem die ekwilibrium binne die ander sisteme positief of negatief kan affekteer. Die leerder met Downsindroom beskik oor 'n reeks onbeperkte bates wat aanleiding kan gee tot die identifisering en mobilisering van meer bates in die leerder self. Die konsep werp meer lig op die feit dat enige verandering wat in enige sisteem plaasvind, verandering in die ander sisteme tot gevolg het as gevolg van die interaktiewe verhouding wat daar tussen die verskillende sisteme bestaan.

### Nader gemeenskap

- **Die gesin:** Die gesin is die primêre ontwikkelings- en ondersteunings-sisteem vir die leerder met Downsindroom, ongeag hulle status van gestremdheid. Die funksionering binne die gesin is kritiek vir die ontwikkeling van die leerder se vaardighede en vermoëns. Die identifisering van bates binne die gesin hang grotendeels af van hoe effektief die funksionering binne die gesin is. Dit sluit die fisieke ontwikkeling en gesondheid, emosionele ontwikkeling en welstand, sosiale-, kognitiewe-, morele- en geestelike ontwikkeling, asook kulturele- en estetiese ontwikkeling in (Sameroff & Fiese 2000:114). By die identifisering van bates by die leerder met Downsindroom kan die vertrekpunt die interpersoonlike bates, fisiese bates en die ander hulpbronne binne die gesin wees. Die bate-gebaseerde benadering het juis ten doel om die gesinslede so te bemagtig dat hulle in staat sal wees om hul probleme onafhanklik aan te spreek en op te los.
- **Portuurgroep:** Volgens Shonkoff en Phillips (2000:163) vorm die stig van verhoudings met ander leerders die sentrale taak van kinderjare. 'n Belangrike kenmerk van 'n leerder se vermoëns is om 'n positiewe verhouding met sy

portuurgroep te begin. Positiewe bates wat binne die portuurgroep kan bestaan, sluit gesonde kommunikasie, mededeelsaamheid, motivering, ondersteuning, vertrouwe, ensovoorts, in.

- **Skool:** Die skool kan as die eerste blootstelling van die leerder aan die breër gemeenskap beskou word. Kretzman (2000:40) is van mening dat die skool 'n belangrike skakel is en bydra tot gemeenskapsontwikkeling, wat die interne bates van 'n individu of die gemeenskap van waarde kan ag. Die bates wat deur die skool ontwikkel kan word, sluit leierskap en bestuur, menslike hulpbronne (opvoeders, ens.), tegniese bates (materiaal en gereedskap), bates in struktuur en prosedures, bates in die identiteit van die skool en as fasiliteit vir groepe om te ontmoet en 'n plek waar verdere opleiding en ontwikkeling kan plaasvind, in.
- **Klaskamer:** Bates wat in die klaskamer geïdentifiseer kan word, sluit leer materiaal, oudio-visuele hulpmiddels, ameublement, ruimte en leerplanne in.
- **Ledeverenigings:** Die bates sluit kulturele groepe, nie-regerings organisasies en godsdienstige instellings soos kerke, moskees, ensovoorts, in.

### **Plaaslike instellings**

Hierdie bates sluit parke, besighede, hospitale, klinieke, gemeenskapsprojekte en biblioteke in. Die professionele persoon sal met die plaaslike instansies 'n netwerk vorm en die instellings direk of indirek as bates mobiliseer.

## **2.7 REFLEKSIE**

Die rasionaal van die bate-gebaseerde benadering bied aan die leerder met Downsindroom die geleentheid om tot volle potensiaal te ontwikkel, ongeag die beperkte bronne wat daar mag bestaan. Die bate-gebaseerde benadering het die fokus vanaf die behoeftes en tekorte na die bates verskuif. Die verantwoordelikheid en beheer word aan die individu, ouers, gemeenskap, opvoedkundige instellings, professionele ondersteuningsdienste en alle ander rolspelers teruggegee tot voordeel van die individu se ontwikkeling. In hierdie hoofstuk is gepoog om die rolspelers te beweeg tot aktiewe deelname aan die bate-gebaseerde benadering.

## HOOFSTUK 3

# NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

"Successful research begins with a proper orientation. It is essentially a way of thinking: it is a manner of regarding accumulated fact so that a collection of data becomes articulated to the mind of the researcher in terms of what those data mean and what those facts say. Research is simply the manner in which men solve the knotty problems in their attempt to push back the frontiers of human ignorance" (Leedy, 1995:5).

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die navorsingsontwerp en die navorsingsmetodologie bespreek word. Babbie en Mouton (2001:152) beskryf navorsing as 'n komplekse term wat op verskillende maniere geïnterpreteer kan word. Daarom behoort enige navorser hom eers te vergewis van die doel van die navorsing en die rede waarom die navorsing gedoen word. Die navorsing in hierdie studie vind op 'n spesifieke tyd in 'n spesifieke ruimte plaas. Die eenheid van ondersoek word in die leerder met Downsindroom se natuurlike omgewing, dit wil sê, by die huis en die skool bestudeer. Die verskynsel, naamlik die bates van die leerder met Downsindroom, word in diepte bestudeer. Die navorsingsbenadering ten opsigte van die rol van die navorser is een van deelnemende betrokkenheid.

Selltiz et al. (1965:50) definieer navorsingontwerp as volg:

"A research design is the arrangement of conditions for collection and analysis of data in a manner that aims to combine relevance to the research purpose with economy in procedure".

Die navorsingsontwerp het dus ten doel om die navorsingsdoel in lyn te bring met die bepaalde praktiese oorwegings en beperkings.

Die genoemde stellings en definisies maak dit duidelik dat enige navorsing volgens 'n gestruktureerde plan moet verloop en dat deeglike beplanning deurslaggewend vir doeltreffende antwoorde is. Babbie en Mouton (2001:9) beskou navorsingsmetodes as die maniere en metodes waarop data ingesamel en geanaliseer word. Die maniere en metodes wat gebruik word, is so ontwerp en saamgestel dat dit

geldigheid en betroubaarheid aan die hand werk. Die navorser is dus geregtig om aannames te kan maak uit die inligting wat deur die navorsing verkry is.

'n Uiteensetting van die algemene opset en die verloop van die navorsing sal in 'n samevattende uitleg gegee word. Die navorsingsontwerp, paradigmas wat tydens die studie gevolg word, die insamelingstegnieke en die data-analise sal bespreek word. Die doel hiervan is dat die leser 'n duidelike begrip sal kan ontwikkel van die verloop van die studie.

## **3.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE**

### **3.2.1 Inleiding**

Ek is vir die afgelope vier jaar werksaam by die Wes-Kaapse Onderwys Departement as Eerste Onderwyskundige: Sielkundige Dienste. My werk sluit psigometriese evaluering, verwysings na spesiale - en vaardigheidskole, leerondersteuning en terapeutiese ondersteuning in. My belewenis in my kontak met skole is dat daar meestal op die behoeftes van leerders met spesiale onderwysbehoefte gefokus word. Deur my ondersoek en navorsing wil ek 'n doelbewuste poging aanwend om die totale skoolgemeenskap se denke te probeer verander van 'n behoefte-gebaseerde benadering na 'n bate-gebaseerde benadering.

Die interne en eksterne bates van die leerder met Downsindroom moet geïdentifiseer en geaktiveer word, sodat die leerder se totale potensiaal ontwikkel kan word. Verder poog ek om die benadering van my kollegas tot leerders met Downsindroom meer positief en effektief te maak deur die bates van die leerders te benut eerder as om op die behoeftes en tekorte van die leerders te fokus. Die resultaat van die navorsing is om die lewe van die leerder met Downsindroom te verbeter deur die ontwikkeling van die bates en vermoëns waaroor die leerder beskik.

## **3.3 PROBLEEMSTELLING**

### **3.3.1 Samevattende navorsingsprobleem**

Die samevattende probleemstelling is reeds in Hoofstuk 1 geformuleer:

- Die doel van hierdie studie is om antwoorde op die volgende vraag te kry: Watter bates kan by 'n tienjarige dogter met Downsindroom geïdentifiseer word?

### **3.3.2 Nuwe-navorsingsprobleem**

Die volgende navorsingsprobleme, soos in Hoofstuk 1 geïdentifiseer, is geformuleer in 'n poging om meer lig te werp op die navorsingsvraag:

- Die identifisering van interne en eksterne bates by 'n tienjarige dogter met Downsindroom binne die bate-gebaseerde benadering.
- Die uitbou van moontlike potensiaal, talente en vermoëns waaroor die leerder beskik sodat beter leer kan plaasvind.

### **3.4 NAVORSINGSONTWERP**

Volgens Bogdan et al. (1982:34) moet die roete wat rou data volg vanaf die proses van insameling tot by die vertolking en geldigverklaring, na gelang van die metode, goed beplan word. Leedy (1997:93) definieer navorsingsontwerp as volg: "Architects, before the construction of a building, work a meticulous and accurate set of plans. This ensures success in the construction of that building. Researchers should be no less precise, detailed and accurate in the planning of a research design".

Soos reeds in Hoofstuk 1 genoem, sal die navorsingsontwerp in hierdie navorsing kwalitatief van aard wees. Volgens Merriam (1998:5) dra kwalitatiewe navorsing by tot die begrip en beskrywing van sosiale verskynsels, met die minimum versteuring van die natuurlike omgewing of konteks. Tydens my navorsing is die bate-gebaseerde benadering binne die natuurlike konteks van die Eden Opleidingsentrum in Worcester toegepas, sonder dat die daaglikse program van die sentrum ontwig is. Daar bestaan 'n duidelike onderskeid tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Merriam (1991:19) onderskei baie duidelik tussen die karaktereienskappe van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, soos in tabel 5 uiteengesit word.

**Tabel 5: Karaktereienskappe van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing**

<b>Point of comparison</b>	<b>Qualitative research</b>	<b>Quantitative research</b>
Focus of research	Quality	Quantity
Philosophical roots	Phenomenology, symbolic interaction	Positivism, logical empiricism
Associated phrases	Fieldwork, ethnographic, naturalistic, grounded, subjective	Experimental, empirical, statistical
Goal of investigation	Understanding, descriptive, discovery, hypothesis generating	Prediction, control, description, conformation, hypothesis testing
Design characteristics	Flexible, evolving, emergent	Predetermined, structured
Setting	Natural, familiar	Unfamiliar, artificial
Sample	Small, nonrandom, theoretical	Large, random, representative
Data collection	Researcher as primary instrument, interviews, observations	Inanimate instruments (scales, tests, surveys, questionnaires, computers)
Mode of analysis	Inductive (by researcher)	Deductive (by statistical methods)
Findings	Comprehensive, holistic, expansive	Precise, narrow, reductionist

Merriam (1991:19)

Kwalitatiewe navorsing geskied meer in die sosiale wetenskappe, en die navorsingstegnieke fokus meer op die verstaan, verduidelik of ontdek van nuwe inligting, terwyl kwantitatiewe navorsing meer eksperimenteel van aard is en gefokus is op statistiek en kontrole Merriam (1991:18).

Kwalitatiewe navorsing vind meer in 'n natuurlike konteks plaas en kan aangepas word om by die behoeftes te pas. Die navorser maak van tegnieke soos onderhoude en observasies as deel van die navorsing gebruik en streef daarna om by holistiese bevindinge uit te kom.

In my navorsingsontwerp sal daar gebruik gemaak word van 'n kwalitatiewe gevallestudie, vanuit 'n bate-gebaseerde teoretiese raamwerk. Newman en Benz (1998:16) beskryf kwalitatiewe navorsing as volg:

"Qualitative research is multimethod in focus, involving an interpretive, naturalistic approach to its subject matter. This means that qualitative researchers study things in their natural settings, attempting to make sense of, or interpret, phenomena in terms of the meanings people bring to them. Qualitative research involves the studied use and collection of a variety of empirical materials—case study, personal experience, introspective, life story, interview, observational, historical, interactions and visual text – the described routine and problematic moments and meanings in individuals lives".

'n Gevallestudie is volgens Feagan et al. (1991:2) "... an in-depth, multifaceted investigation, using qualitative research methods, of a single social phenomenon. The study is conducted in great detail and often relies on the use of several data sources". My navorsing maak van 'n gevallestudie gebruik, aangesien daar tans min inligting en modelle bestaan vir die verkenning van bates by die leerder met Downsindroom binne die Suid-Afrikaanse konteks. Moore (2001:44) is van mening dat, indien een leerder geïdentifiseer word, die studie in diepte ondersoek kan word. Verder behels 'n gevallestudie intensiewe en interaktiewe veldnavorsing. 'n Gevallestudie is 'n buigbare en aanpasbare metode wat vir 'n verskeidenheid kontekste, individue en prosesse gebruik kan word. Girden (2001:23) bevestig dat die metode nuttig is om die verskynsel in diepte te bestudeer: "Despite the fact that intervention is neither systematic nor methodical, there is sufficient justification for studying a single individual. The study may suggest factors that precipitate a disorder, concern a rarely occurring disorder, involve treatment that is in limited supply, lead to the development of a new treatment, provide the opportunities to use a common technique in a novel way, and/or provide evidence against a generally held principle". My keuse om met een leerder te werk sal my waarskynlik in staat stel om soveel moontlik bates te identifiseer wat benut kan word tot voordeel van die leerder met Downsindroom. Volgens Huysamen (1985:173) is 'n enkele geval wat in 'n gevallestudie ondersoek word, veronderstel om verteenwoordigend van die hele bevolking te wees. My navorsing gaan moontlik 'n bydrae lewer tot die identifisering van bates by 'n dogter met Downsindroom.

Die funksie van 'n gevallestudie is om 'n spesifieke konteks, situasie, gemeenskap, persoon, ervarings of sisteem vir die leerder met Downsindroom, te onthul. Volgens Feagin et al. (1991:63) het gevallestudies die volgende kerneienskappe:

- Dit fokus op spesifieke situasies, gebeure, programme of fenomene.
- Dit is beskrywend in die sin dat die eindresultaat 'n ryk volledige beskrywing is van die entiteit wat ondersoek is.
- Dit ontdek nuwe betekenis, brei reeds bestaande kennis uit of bevestig wat reeds bekend was.
- Dit is induktief en lei tot veralgemenings, konsepte en hipoteses wat uit die data ontstaan.

My navorsing sluit die genoemde eienskappe in en word dus gekenmerk as 'n gevallestudie:

- Die deelnemer is geïdentifiseer – 'n leerder met Downsindroom wat 'n spesiale skool bywoon.
- Die geval is gebonde aan 'n plek ('n skool).
- Daar word gebruik gemaak van verskillende bronne van inligting in die versameling van data om 'n in-diepte en gedetailleerde beeld van die geval te voorsien.
- Die konteks word breedvoerig beskryf.
- Daar word gebruik gemaak van 'n holistiese analise om die bates te identifiseer ten einde 'n batelys vir die leerder met Downsindroom saam te stel.
- Die geval word in haar natuurlike omgewing bestudeer.

In hierdie gevallestudie is daar van deelnemende observasie, informele onderhoude en fokusgroepe gebruik gemaak om die data in te samel.

### **3.4.1 Beperkings van die navorsingsontwerp**

Die studie volg 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp wat 'n gevallestudie gebruik, met 'n tienjarige dogter met Downsindroom. Gevallestudies kan die volgende probleme tot gevolg hê:



- Die navorser is die primêre bron in die navorsing en raak betrokke of beïnvloed die gebeure of die deelnemer.
- Die navorser se subjektiwiteit, houdings en vooroordele kan die navorsingsproses beïnvloed.
- Die insameling van data en die beskikbaarheid van deelnemers is tydrowend en 'n groot opoffering en verdraag die navorsingsproses.

### **3.5 SELEKSIEPROSEDURE**

#### **3.5.1 Identifisering van die eenheid van ondersoek**

Die eenheid van studie wat in hierdie navorsing bespreek word, is 'n tienjarige dogter met Downsindroom met haar individuele bates, talente, vermoëns, vaardighede en die bates wat in die breër eko-sisteem geleë is. Die eenheid sluit die leerder se ouers, vriende, skoolgemeenskap en die professionele persone wat by die leerder se alledaagse behoeftes betrokke is, in. Hul kennis, ervarings, opinies en menings sal bestudeer word, in soverre dit verband hou met die bates in hierdie gevallestudie.

#### **3.5.2 Seleksie van deelnemer**

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van 'n doelgerigte steekproef met die seleksie van die deelnemer en die eenheid van die studie. Miles en Huberman (1994:8) is van mening dat die steekproef se fokus en grense deur die navorsingsvraag en die kontekstuele raamwerk bepaal word. Doelbewuste steekproeftrekking is volgens Miles en Huberman (1994:29) gegrond op die aanname dat die navorser wil ontdek, begryp en insig verkry. Die deelnemers vir hierdie studie is geselekteer omdat hulle oor genoegsame en relevante kennis, naamlik die bates van die tienjarige leerder met Downsindroom, beskik.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing moes die steekproef aan sekere kriteria voldoen:

- Dat dit 'n leerder met Downsindroom is.
- Geen leerders met gestremdhede in die omgewing by hoofstroomskole ingeskryf is nie. Die leerder is by 'n spesiale skool ingeskryf.
- Vrywillige deelname en beskikbaarheid van al die partye betrokke by die navorsing.

### **3.5.3 Konteks van die navorsing**

Die navorsing het geskied by Eden Opleidingsentrum in Worcester, vir leerders met spesiale onderwysbehoefte, waar Glenda 'n ingeskrewe leerder is. Die terapeutiese sessies het in 'n terapielokaal plaasgevind wat spesiaal vir die doel ingerig is.

Die sentrum is slegs een van twee wat in die Breederivier/Overberg OBOS geleë is en die bedieningsarea sluit Worcester en omgewing in. Die visie van die sentrum is om leerders met verstandelike gestremdhede in so 'n mate op te voed dat hulle selfversorgend en onafhanklik kan funksioneer. Die sentrum onderrig leerders met Downsindroom, fetale alkoholsindroom, Prader Willi sindroom en leerders met leergestremdheid.

Die fokusgroepe en onderhoude het plaasgevind in die arbeidsterapielokaal wat volledig toegerus is met 'n eenrigtingvenster, video- en klanktoerusting. Die observasies van die deelnemer het plaasgevind tydens speel en onderrigtyd in die deelnemer se klaskamer. Die omgewing dra tot 'n meer ontspanne en betroubare observasie by, aangesien die leerder in haar natuurlike omgewing is.

### **3.5.4 Die kliënt**

Glenda (skuilnaam) is op 28 Maart 1993 in Villiersdorp gebore. Volgens haar moeder was die swangerskap sonder komplikasies, behalwe vir 'n dreigende miskraam aan die begin van die swangerskap. Glenda is die oudste dogter van twee kinders uit die tweede huwelik van haar biologiese ouers. Die swangerskap was nie beplan nie, maar nogtans was sy hartlik verwelkom in haar familie. Glenda is gebore met Downsindroom en volgens haar ouders was sy 'n groot baba. Sy is deur haar moeder geborsvoed tot op ses maande en daarna was sy op bottelvoeding vir 'n verdere ses-en-dertig maande. Glenda het haar ontwikkelingspylpale laat bereik. Sy het nie beheer gehad oor haar groot en klein bewegings nie en was oor die algemeen lomp. Sy toon groot belangstelling in stories, maar vind dit moeilik om dit oor te vertel.

Glenda toon 'n gemiddelde besondere behoefte aan vertroeteling. Sy kom gemiddeld oor die weg met maats, maar verkies om alleen te speel. Sy is besonder gesteld op haar persoonlike netheid. Sy aanvaar nie dissipline goed nie. Glenda het 'n goeie verhouding met al haar gesinslede.

Glenda swem graag en neem deel aan balspele soos netbal en sokker. Sy neem ook deel aan skoonheidskompetisies wat deur die skool gereël word.

### **3.6 DIE ROL VAN DIE NAVORSER**

"Many people coming to research for the first time have a tendency to think that they are in the business of establishing "the truth" about a particular issue or subject. They believe that they can be "objective" in their research, and that others will sit up and take notice when they present their findings. But research is not a wholly objective activity carried out by detached scientist. It is, as we have suggested, a social activity powerfully affected by the researcher's own motivations and values" (Blaxter, 2000:174).

In kwalitatiewe navorsing word die navorser bekou as die navorsingsinstrument en moet dus deeglik vir hierdie taak voorberei wees. Denzin en Lincoln (1994:7) is van mening dat kwalitatiewe navorsing 'n intieme verhouding tussen die navorser en die eenheid wat bestudeer word, is. Die navorser is dus die belangrikste insamelaar van inligting. Die persoonlike waardestelsel en emosies van die navorser is van kardinale belang, aangesien die houding wat deur die navorser geprojekteer word, die sukses van die studie kan beïnvloed. Volgens Berg (aangehaal uit Schurink, 1998:257) is "the golden rule ... to go into the setting with an open mind, not be judgemental but appreciative, and never try to correct the behaviour of the observed". Die navorser het dus 'n verantwoordelikheid om eerder gedurende die proses begrip van die probleem te reflekteer as om die rol van kundige te vervul (Creswell, 1998:19).

#### **3.6.1 Kerneienskappe van die navorser**

Volgens Merriam (1991:37) behoort die navorser wat 'n gevallestudie as 'n navorsingsontwerp kies, oor die volgende karaktereienskappe te beskik, naamlik:

- Die navorser moet aanpasbaar en buigbaar wees, omdat navorsing nie 'n rigiede proses is nie en van tyd-tot-tyd-aanpassings verlang.
- Die navorser moet sensitief wees tydens waarneming en wanneer die inligting geanaliseer word. Die navorser moet sensitief bly teenoor die konteks waarin die navorsing plaasvind, alle deelnemers, versteekte agendas en nie-verbale gedrag. Hy moet deurentyd bewus wees van sy bevoordeeldheid en in hoe 'n mate dit die proses van navorsing kan beïnvloed.

- Die navorser moet oor goeie kommunikasievaardighede beskik deur empatie met die respondente te hê, rapportte moet kan bewerkstellig en 'n aktiewe luisteraar te kan wees.

### **3.7 METODOLOGIE**

#### **3.7.1 Data-insameling**

Data-insameling is 'n reeks interafhanklike aktiwiteite wat gerig is op die versameling van goeie inligting om sodoende navorsingsvrae te kan beantwoord (Creswell, 1988:111).

Soos reeds in Hoofstuk 1 genoem, is gebruik gemaak van die volgende data-insamelingsmetodes, naamlik veldwerk (veldnotas), dokumente, fokusgroepe, onderhoude, oudio-visuele materiaal en deelnemende observasie. Metodes van data-insameling word vervolgens bespreek:

- **Veldnotas**


Veldwerk vorm 'n integrale deel van data-insameling as deel van die studie, omdat dit die navorser in staat stel om deur informele gesprekvoering met die deelnemers betrokke te raak en sodoende die verskynsel, soos deur die deelnemers ervaar word, te verstaan en waar te neem. Veldnotas maak dit verder moontlik om verbale, sowel as nie-verbale boodskappe van die deelnemers waar te neem. Volgens Babbie en Mouton (2001:454) is die analisering van nie-verbale kommunikasie belangrik by kwalitatiewe navorsing, want "... the recording of facial expressions, gestures and movements can be triangulated with verbal data. The interviewer would trust the responses more if the body language was congruent with the verbal statements".

- **Fokusgroepe**

In my navorsing het ek ook gebruik gemaak van fokusgroepe, dit wil sê, al die persone wat 'n besondere rol in die dogter se lewe speel. Die fokusgroep se primêre rol was om bates in die gemeenskap te identifiseer. Die sessies is op video met klank opgeneem vir die bewaring van die rou data. Tydens die derde fokusgroepbyeenkoms is die "Circle of Friends" tegniek gebruik om bates by die dogter te identifiseer. Dit sal as ondersteuningsnetwerk vir die leerder en die ouers dien.

Die "Circle of Friends"-tegniek is gebruik om die leerder, ouers, skool en die breër gemeenskap met mekaar in verbinding te bring in die identifisering van bates by die leerder.

**Figuur 2: "Circle of friends" – Netwerk Model**



(Orford, 1993:251)

Die "Circle of Friends" verwys na al die ondersteuningsisteme wat in die lewe van die dogter met Downsindroom bestaan en wat ten doel het om haar te lei om tot haar volle potensiaal te ontwikkel en haar selfversorgend en selfonderhoudend te maak.

Die sisteme wat deel uitmaak van die ondersteuningsstelsel sluit die huisgesin, die skool en die kerk in.

- **Onderhoude**

Patton (1990:196) verduidelik die doel van onderhoude in kwalitatiewe gevallestudies:

"We interview people to find out from them those things we cannot observe. We cannot observe feelings, thoughts and intentions. We cannot observe behaviours that took place at some previous point in time. We cannot observe situations that preclude the presence of an observer. We cannot observe how people have organized the world and the meaning they attach to what goes on in the world - we have to ask people questions about those things. The purpose of interviewing, then, is to allow us to enter into the other person's perspective".

Ongestruktureerde onderhoude is deur die loop van die data-insamelingsproses met die ouers, opvoeders, arbeidsterapeut en al die ander rolspelers wat 'n besondere rol in die dogter se lewe speel, gevoer. Ongestruktureerde onderhoude tydens my ondersoek het probeer bepaal hoe die verskillende individue die leefwêreld van die leerder met Downsindroom beleef en sin gemaak het uit die gebeure wat rondom haar plaasgevind het (Huysamen 1998:178). Ongestruktureerde onderhoude kan ook deur die rolspelers gebruik word om die bates in die gemeenskap te identifiseer en te aktiveer. Ek het die onderhoude met die opvoeder, arbeidsterapeut en die ouers gebruik om inligting rakende my eenheid van ondersoek te bekom. Die ongestruktureerde onderhoude is met die rolspelers in hul moedertaal gevoer en dit het dit vir my moontlik gemaak om meer kennis te bekom oor die bates waaroor die dogter beskik.

- **Oudio-visuele materiaal**

Oudio-visuele opnames en foto's is tydens onderhoude, fokusgroepe en veldwerk geneem. Vooraf toestemming is van die leerder se ouers ontvang om opnames te maak en foto's neem van die leerder se eksterne bates te neem. Volgens Adelman et al. (1983:73) is dit die beste manier om detail van sessies by te hou vir latere gebruik. Die inligting wat op hierdie manier verkry is, word met die nodige konfidensialiteit hanteer en is slegs ter insae vir die navorser en die studieleier. Die video-opnames het my in staat gestel om die opnames te observeer en die moontlike bates te identifiseer. Al die onderhoude wat op video en klankband opgeneem is, is noukeurig getranskribeer om sodoende die bates van die leerder te kon dokumenteer.

- **Deelnemende observasie**

Deelnemende observasie is in die ondersoek gebruik om die leerder beter te leer ken. Die navorser het die aktiwiteite waaraan die leerder in klassituasies deelgeneem het, waargeneem. Indirekte observasie is ook gebruik tydens klassessies waar die ondersoeker die deelnemer onopsigtelik waargeneem het, terwyl veldnotas gemaak is.

### 3.7.2 Data-analise en data-konsolidering

Volgens Marshall en Rossman (1995:111), is data-analise 'n proses wat gebruik word om orde, struktuur en betekenis te verkry uit die data wat ingesamel is. Kwalitatiewe navorsing maak gebruik van induktiewe analisering. "Inductive reasoning emphasize after-the-fact explanation, theory emerges from a careful consideration of the evidence (data). Theory is no more than a summarizing statement about the specific, concrete observations" (Leedy 1997:107). Data-analisering begin reeds aan die begin van die navorsing en vorm deel van die data-insameling. Volgens Merriam (1998:159) is data-analise in kwalitatiewe navorsing 'n aaneenlopende, sistematiese en omvattende proses wat reflektiewe aktiwiteite insluit. In my studie is gebruik gemaak van inhoudsanalise. Die inhoud van wat tydens die ondersoek ingesamel is deur middel van veldnotas, onderhoudvoering en dokumente is kwalitatief geanaliseer.

**Tabel 6: Data-analise en data-konsolidering**

<b>BRON VAN DATA</b>	<b>METODE VAN DATA-INSAMELING</b>	<b>ANALISERINGSTEGNIEKE</b>
Ouers	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Informele onderhoude</li> <li>• Fokusgroepe</li> <li>• Oudio-visuele opnames</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Response word in detail opgeteken om temas, metafore, konsepte van bates saam te stel</li> </ul>
Opvoeders en Arbeidsterapeut	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oudio-visuele opnames</li> <li>• Fokusgroepe en informele onderhoude</li> <li>• Aantekeninge van onderhoude en die navorser se eie observasie van sessies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Response word in detail opgeteken om temas, metafore en konsepte van bates saam te stel</li> </ul>
Klaskamersituasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Deelnemende observasie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Veldnotas en die transkribering van veldnotas vir temas, konsepte, metafore vir die identifisering van bates.</li> </ul>

Al die veldnotas, videomateriaal, klankopnames en observasies wat tydens die ondersoek versamel is, word in veilige bewaring vir latere gebruik gehou. Alle ongestruktureerde onderhoude met die ouers, opvoeder en die arbeidsterapeut, is op oudio- en videobande vasgelê. Dit bied die versekering dat geen inligting wat op hierdie wyse versamel is, verlore sal gaan nie, alhoewel nie alle inligting in die navorsing gebruik gaan word nie.

**Tabel 7: Die kodering van Eksterne en Interne Bates**

<b>EKSTERNE BATES (EB)</b>	<b>KODES</b>
<p><b>ONDERSTEUNING:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesinsondersteuning</li> <li>• Positiewe Gesinskommunikasie</li> <li>• Verhouding met ander volwassenes</li> <li>• Gemeenskap wat omgee</li> <li>• Versorgende omgewing buite die huis</li> <li>• Ouerlike betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite</li> </ul>	<p><b>OS</b></p> <p><b>Gesond. Posgk. Verh. Gemwo. Vers. Ouerlb.</b></p>
<p><b>BEMAGTIGING:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gemeenskapswaardering vir leerder</li> <li>• Roltoekenning</li> <li>• Diens aan ander</li> <li>• Veiligheid</li> </ul>	<p><b>BEM.</b></p> <p><b>Gemw. Rt. Daa. Vlh.</b></p>
<p><b>GRENSE EN VERWAGTINGE:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesinsgrense</li> <li>• Grense buite die huis</li> <li>• Gemeenskapsgrense</li> <li>• Volwassenes as rolmodelle</li> <li>• Positiewe portuurgroep-interaksie</li> <li>• Aanvaarbare <b>verwagting</b> vir ontwikkeling</li> </ul>	<p><b>Gev.</b></p> <p><b>Ggr. Gbdh. Gmgr. Var. Ppi. Avvo.</b></p>
<p><b>KONSTRUKTIEWE TYDGEBRUIK:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kreatiewe aktiwiteite</li> <li>• Buitemuurse aktiwiteite</li> <li>• Positiewe <b>supervisie</b> by die huis</li> </ul>	<p><b>KT.</b></p> <p><b>Ka. Ba. Psup.</b></p>
<b>INTERNE BATES (IB)</b>	<b>KODES</b>
<p><b>BETROKKENHEID BY LEER:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Presteer, verwagting en motivering</li> <li>• Verbind tot leer</li> <li>• Stimulerende aktiwiteite</li> <li>• Plesier van leer</li> <li>• Lees vir <b>ontspanning</b></li> </ul>	<p><b>Bbl.</b></p> <p><b>Pvm. Vtl. Stak. Pvl. Lvo.</b></p>



<b>POSITIEWE GESINSWAARDES:</b>	<b>Pgw.</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Versorging</li> <li>• Gelykheid en regverdigheid</li> <li>• Integriteit, <b>eerlikheid</b>, verantwoordelikheid en gesonde leefwyse</li> </ul>	<b>Vsorg. Ger. Leveg.</b>
<b>SOSIALE BEVOEGDHEID:</b>	<b>Sosb.</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Besluitneming en maak van keuses</li> <li>• Interpersoonlike interaksie</li> <li>• Kulturele interaksie</li> <li>• Positiewe konflik en weerstandbeoefening</li> </ul>	<b>Bemvk. Intpi. Kulti. Poskwb.</b>
<b>POSITIEWE IDENTITEIT:</b>	<b>Pid.</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die gesin modelleer die volgende</li> </ul>	<b>Dgmdv.</b>

### 3.8 BETROUBAARHEID

Lincoln en Guba (1981:378) se stelling oor geldigheid en betroubaarheid by gevallestudies lei as volg:

"It is difficult to talk about the validity or reliability of an experiment as a whole, but one can talk about the validity and reliability of the instrumentation, the appropriateness of the data analysis techniques, the degree of relationships between the conclusions drawn and the data upon which they presumably rest, and so on. In just this way one can discuss the process and procedures that undergrid the case study: Were the interviews reliably and validly constructed; was the content of the documents properly analyzed; do the conclusions of the case study rest upon data? The case study is, in regard to demonstrating rigor, not a whit different from any other technique".

Geldigheid in kwalitatiewe navorsing is die mate waarin die interpretasies en konsepte tussen die deelnemers en die navorser wederkerige betekenis het (McMillan & Schumacher, 1997:404). Die navorser, sowel as die deelnemers, stem saam oor die beskrywing en die betekenis van die gebeure. Volgens McMillan en Schumacher (1997:404) is daar nege strategieë om geldigheid en betroubaarheid te verhoog, naamlik:

- Volhardende werk
- Woordelikse weergawe van deelnemers se vertolking van die inligting
- Beskrywings moet so min as moontlik beïnvloedbaar wees

- Meervoudige navorsers
- Oudio-bandopnames van data
- Deelnemende navorsers
- Lede-verifikasie
- Deelnemers resenseer die navorsers se sintese van onderhoude en teenstrydige data.

In hierdie navorsing is daar van die volgende strategieë gebruik gemaak:

- Volhardende werk – data is op 'n deurlopende basis ingesamel.
- Deelnemende observasie
- Die deelnemers se weergawe van die data is woordeliks weergee.
- Die fokusgroep is gebruik om die navorsers se sintese te verifieer.
- Triangulasie, dit wil sê, verskillende bronne is gebruik om data in te samel.

### **3.9 ETIESE OORWEGINGS**

Etiese oorwegings speel 'n belangrike rol tydens die insameling van data en die bekendmaak van die bevindings (Merriam, 1998:179). Die volgende etiese riglyne is gevolg tydens my studie:

- Toestemming verkry van ouers om hul dogter te gebruik in die navorsing (sien Bylae 1).
- Toestemming verkry vanaf die Wes-Kaapse Onderwysdepartement om navorsing in skool te doen (sien Bylae 2).
- Besoek die skool en bespreek die doel en proses van die navorsing met die skoolhoof, opvoeder en arbeidsterapeut.
- Reël afsprake met die opvoeder en arbeidsterapeut.
- Tree as fasiliteerder op tydens fokusgroepe oor die moontlike bates in die gemeenskap.
- Voer onderhoude met opvoeder, ouers en arbeidsterapeut.
- Observeer leerder in klassituasie en tuis.

- Skryf my waarnemings in veldnotas neer tydens observasies en onderhoude.
- Gee versekering aan alle belanghebbendes dat die bevindinge van die navorsing aan hulle bekend gemaak sal word na die voltooiing van die navorsing.
- Volg etiese kode (eerlikheid ten opsigte van die doel van die studie; vertroulike hantering van alle inligting).

### **3.10 REFLEKSIE**

Die kwalitatiewe navorsing en gevallestudie hou verskeie voordele in vir die identifisering van bates by die leerder met Downsindroom. Die deelnemers moet die grootste krediet ontvang, aangesien hulle waardevolle bydraes gelewer het tot die samestelling van 'n batelys vir die leerder met Downsindroom. Hulle moes ook van hulle kosbare tyd opoffer tydens individuele onderhoude wat gevoer is. Die navorsing het ook my as deelnemer beweeg om die potensiaal van die leerder uit te lig eerder as om op die behoeftes van die leerder met Downsindroom te fokus.

## HOOFSTUK 4

# IMPLIMENTERING VAN DIE STUDIE

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die verloop en die resultate van die bate-gebaseerde benadering bespreek word. In hoofstuk 3 het ek reeds van die redes waarom ek 'n gevallestudie gekies het, volledig bespreek asook die redes vir die geldigheid van die navorsing. In hierdie hoofstuk sal 'n volledige beskrywing van die gevallestudie wat onderneem is, gegee word. Die observasies en onderhoude met die ouers, opvoeders en fokusgroep sal in detail bespreek word.

Die identifisering van bates in hierdie navorsing het ten doel om die lewenskwaliteit van die individu te verhoog deur die interne sowel as die eksterne bates te identifiseer. Volgens Schalock (1997:250) speel lewenskwaliteite 'n belangrike rol in die lewens van persone met verstandelike gestremdhede. Families kan 'n groot rol speel in die lewens van persone met gestremdhede deur hulle tehelp om hul lewensdoel te bereik. Lewenskwaliteite het ten doel om die leerder se individuele, fisiese en psigologiese welstand te verbeter (Clark, 2000:700). Volgens Clark sal die integrasie van die persoon met gestremdhede en die opgradering van gemeenskapsbronne 'n groot impak op die lewenskwaliteit van so 'n persoon tot gevolg hê. Die verdere doel van hierdie navorsing is om die klem te laat val op die positiewe eienskappe van die individu en nie op die tekortkominge en gestremdheid nie. Die doel van die bespreking van die verloop en resultate van die navorsing is vir moontlike verdere studie ten opsigte van die identifisering van bates.

### 4.2 AGTERGROND

In die vorige hoofstuk is die selektering van die deelnemer reeds volledig bespreek. Tydens die sessies met die eenheid van ondersoek se ouers is hulle versoek om 'n beskrywing van hul ervarings vanaf die swangerskap tot by die geboorte van die eenheid van ondersoek weer te gee. Toestemmingsbriewe is deur die leerder se ouers onderteken waarin hulle toestemming verleen het dat dele van hulle verhale openbaar gemaak mag word. Die toestemming sluit ook onderhoude met opvoeders en die arbeidsterapeut in.

#### 4.2.1 Bewuswording van die bate-gebaseerde benadering

Al die deelnemers aan die navorsing is deeglik bewus gemaak van die proses wat gevolg gaan word om die bates by die leerder te identifiseer. Soos reeds in Hoofstuk 1 genoem, is die doel van die bate-gebaseerde benadering om die interne en eksterne bates te identifiseer tot voordeel van die leerder. Ebersöhn en Eloff (2003:27) stem saam dat die bewusmakingsproses ten opsigte van die bate-gebaseerde benadering die eerste stap is om verandering teweeg te bring. Die proses sluit die insameling van informasie, bewusmaking van die benadering en integrering met die bestaande praktyk in.

Tydens die onderhoude met die ouers, opvoeder en arbeidsterapeut is die geleentheid gebruik om die bate-gebaseerde benadering aan hulle bekend te stel en hulle bewus te maak van die voorgenome navorsing. Die fokus van die sessies met die verskillende rolspelers was om hulle belewenis ten opsigte van die leerder in die skool en by die huis met die navorser te deel. Die opvoeder en die arbeidsterapeut kon uitbrei oor die leerder se skolatiese funksionering by die skool. Dit was interessant om te verneem dat hulle op die tekorte en vermoëns van die leerder gefokus het. Hulle was bewus van die sterkpunte en talente van die leerder, maar het meer gefokus op die "regstelling" van tekortkominge. Die ouers het 'n ontmagtigingsrol vertolk deurdat hulle nie aan die leerder genoegsame geleentheid gebied het om meer betrokke te raak by aktiwiteite in die gesin nie. Die optrede van die ouers kan toegeskryf word aan die feit dat hulle alles vir hul kind wil doen. Dit het weer die gevolg dat die leerder se bestaande sterkpunte en vermoëns nie verder uitgebou is nie. Die skool was die enigste instelling waar die leerder haar talente en vermoëns kon tentoonstel.

Die verloop van die studie:

Die volgende kontakssessies is gereël met die oog op die bekendstelling van die beoogde studie en die bewusmaking van die bate-gebaseerde benadering.

- 'n Telefoniese gesprek met die prinsipaal van Eden Opleidingsentrum het die weg gebaan vir kontak met die personeel en die dogter met Downsindroom. Tydens die informele onderhoud het ek die geleentheid gekry om die aard en doel van my studie bekend te maak. Ek het ook van die geleentheid gebruik gemaak om inligting rakende die bate-gebaseerde benadering met hom te deel.

Die doel van die studie en die voordeel wat die bate-gebaseerde benadering vir die leerders van die skool kan inhou, is met hom bespreek. Die prinsipaal het my bekendgestel aan die opvoeder wat verantwoordelik is vir die onderrig van die dogter. Tydens die onderhoud het ek persoonlike inligting bekom van die leerder. Die skool het aan my 'n onderneming gegee dat hulle my voorgenome navorsing steun en dat hulle my ten alle tye behulpsaam sal wees.

- Ek het kontak gemaak met die ouers van die dogter en 'n afspraak met hulle gereël. Die ouers was aanvanklik skepties oor die ondersoek, maar het toe ingestem om die afspraak met my na te kom. Tydens my ontmoeting met die ouers het ek die doel van die navorsing aan hulle bekend gemaak en die bate-gebaseerde benadering aan hulle verduidelik. Ek het ook gefokus op die moontlike voordele wat die ondersoek vir hulle dogter en die skool kan inhou. Die ouers het oor geen vorige kennis van die bate-gebaseerde benadering beskik nie en die geleentheid gebruik om vrae te stel oor die nuwe benadering. Die ouers het toestemming verleen dat hul dogter aan die ondersoek mag deelneem. Verdere afsprake is met die ouers gemaak waartydens onderhoude met hulle gevoer is. Tydens die onderhoude is klankopnames gemaak en veldnotas is ook gedokumenteer.
- Besoeke aan die skool het gevolg waartydens die leerder in die klas en op die skoolterrein geobserveer is. Onderhoude is met die klasopvoeder en die arbeidsterapeut gevoer. Die verskillende sessies is op video vasgelê vir latere gebruik.
- Die skool het tydens hulle oueraand aan my 'n geleentheid gegee om my voorgenome studie aan die res van die ouers te verduidelik. Ek het die geleentheid gebruik om die ouers bewus te maak van die bate-gebaseerde benadering en hoe die identifisering van bates 'n invloed kan hê op die leerders. Die samestelling van 'n fokusgroep is aan hulle voorgelê waarna belangstellendes hulself gewillig verklaar het om deel te vorm van die fokusgroep. Reëlins is met die belangstellendes getref vir fokusgroepsessies waartydens onderhoude gevoer sou word. Die ouers was beïndruk met die nuwe koers wat met hulle kinders ingeslaan word en het ook tot die slotsom gekom dat hulle blootgestel gaan word aan nuwe inligting.

#### **4.2.2 Fokus op bates en kapasiteite**

Die verskillende rolspelers het tydens die sessies bewus geword dat die leerder oor bates beskik wat nog nie geïdentifiseer en ontgin is nie. Volgens Ebersöhn en Eloff (2003:27) het die proses betrekking op die identifisering en mobilisering van bates wat tot voordeel van die leerder kan wees.

Die identifisering van interne en eksterne bates het deel gevorm van die onderhoude wat met die verskillende rolspelers gevoer is. Hier volg opsommings van die onderhoude wat met die verskillende rolspelers gevoer is.

### **4.3 VERSKILLENDE ROLSPELERS IN DIE DATA-INSAMELINGSPROSES**

#### **4.3.1 'n Samevatting van die onderhoude met die moeder**

"Ek en my man se verhouding was baie goed gewees. Ons elkeen het kinders uit vorige verhoudings gehad, maar ons wou baie graag kinders van ons eie hê. Weet jy meneer, ek en my man was so vasgevang in ons werk dat ons soms te moeg was om te dink aan kinders. Die dag toe die dokter vir my sê dat ek swanger is, was ek en my man baie bly. Die swangerskap was nie eintlik beplan nie, maar ons was bly. Ek was nogal baie gestres tydens my swangerskap, want sien, my man het baie gedrink. Ek was gestres oor my werk by die koshuis, my man se gedrinkery en dat alles by die huis moet regloop. Ja, ek was somer lekker gestres toe ek swanger was. Ek het gereeld kliniek geloop, maar ek het nie geweet dat my kind 'n sindroomkind was nie. Die dokters en die verpleegsters het my nooit onder 'n sonar gesit nie. Hulle het aanmekaar vir my gesê die swangerskap is normaal, maar hulle het my nie onder 'n sonar gesit nie. Ek is nou nog kwaad vir daai dokter en die verpleegsters. Toe die kind gebore is toe was ek maar vyf-en-dertig jaar oud. Ek het by Maria Pieterse Kliniek geboorte gegee. Die geboorte van Glenda was so twee uur lank en normaal en haar pa was by toe sy gebore is. Na die geboorte het die dokter vir my en my man gesê dat my kind 'n sindroomkind was. Die kind was nie blou in die gesig nie en hulle het ook nie vir die kind suurstof gegee nie. Ek het gedink hulle gaan die kind in die broeikas sit, maar hulle het nogal nie. Meneer, ek was baie hartseer en geskok. Tot nou nog toe kan ek dit nie glo nie, maar die Here het maar seker geweet Hy moet die kind vir my gee. Hulle het my dieselfde aand hospitaal toe gestuur en dadelik toetse op Glenda gedoen. Ek het geweet dis my man se drinkery wat gemaak het dat my kind 'n sindroomkind was, want ek het gestres toe ek

swanger was. Die dokter het ons toe Tygerberg Hospitaal toe gestuur vir nog toetse. Ok, ek was nie heeltemaal tevrede met my kind nie, maar dit was 'n skok gewees. Ek het my kind self versorg. Sy was so 'n pragtige ou dogtertjie met geboorte en het so 3,2 kg geweeg by geboorte. Die mense by die hospitaal het gesê ek moet die kind borsvoed. Ek het haar geborsvoed tot so ses maande na geboorte. Weet jy, sy het tot op drie jaar toe bottel gedrink. My kind het 'n bietjie later as my ander kinders begin sit, kruip, staan en loop. Sy was baie lomp en het altyd geval as sy probeer hardloop het. Daar het die mense ook vir ons gesê ons het 'n sindroomkind. Ons was nog altyd hartseer en ongelukkig, want die dokters het nie hulle werk reg gedoen nie. Ons moes dokters uit en in vir nog toetse. Ek het later uitgevind die mense by Tygerberg Hospitaal laat ons verniet kom, want hulle het lief geraak vir die sindroomkind. Ek was baie bekommerd oor hoe my kind gaan lyk en of sy darem sal kan skool toe gaan. Wat gaan eendag van my kind word en wat het ek gesondig om so kind te kry? Ons het besluit om my werke by die skool op te gee, sodat ons self na ons kind kan kyk. Ons het ons huis in Villiersdorp opgegee en rondgegaan net ter wille van ons kind. Die rede hiervoor was dat daar nie 'n skool naby ons was nie. Die departement was ook nie bereid om 'n klaskamer vir kinders soos my kind by die skool op te rig nie. Ek en my man het elkeen 'n staatswerk gehad. Ons moes ons werk en ons huis prysgee, want ons moet dink om Glenda en die huis. Ek en my gesin het toe besluit om Kimberley toe te trek, want my man se suster werk by 'n spesiale skool in Kimberley. Ons het toe na drie jaar besluit om terug te trek Worcester toe, omdat Glenda se gesondheid verswak het as gevolg van die weersomstandighede. Die weer het nie lekker met haar gespeel nie, want sy het 'n asmabors ontwikkel. Ons het gedink dat haar gesondheid die belangrikste was. Ons het toe maar teruggetrek Worcester toe en haar by Eden Skool ingeskryf, sodat sy ook iets kan leer. Hier het ons toe maar vir ons gevestig. Nou gaan sy skool by Eden Skool en sy is baie gelukkig. Hulle was so bly dat sy teruggekom het, want sy het so baie geleer. Ek en my man het nog dae lank vir ons kind gebid en vir die Here gevra om na ons kind om te sien. Ons is baie lief vir haar en sal alles in die lewe opgee om by ons kind te wees. Ons maak haar normaal groot. Ons het ons werke, ons huis, ons meubels en alles verkoop ter wille van Glenda. Ek gaan nie my kind weer uit die skool uithaal ter wille van 'n huis nie. Op die oomblik is my kind nou 'n jongmeisie – sy het so 'n maand gelede begin menstrueer en dis ook 'n baie



ongemaklike saak. Ok, ek handle, help haar self met daai saak, alles doen ek vir haarself. Ek is baie trots op my kind."

#### **4.3.2 'n Samevatting van die onderhoude met die vader**

"Ek het altyd uitgesien na die dag wanneer ek en my vrou kinders sal hê. Marlene was verwagting en ek was eintlik bly, want ek wou eintlik kinders by haar gehad het. Maar daar het iets skeefgeloop in die swangerskap, want sy het amper 'n miskraam gehad. En so het sy toe na die dokter gegaan. Toe het die dokter vir haar pille gegee om te drink om die miskraam te verhoed. My insiens is dat ek bly is dat Glenda hier is, maar ek dink die hele geval kom daar van daai vyf pille af wat sy moes gedrink het om die miskraam te verhoed. Ek was eintlik bly dat die miskraam verhoed kon word. Ek het uitgesien na die baba en ek was saam met haar toe sy ingegaan het om die baba te kry, vir Glenda. Daar het ons uitgevind dat sy 'n sindroomkind is. Dit was baie skokkend, maar ons het dit aanvaar. Dit is seker soos die Here dit vir ons uitgesit het. Ek het myself die vraag afgepra: "Wat het ek gesondig om so 'n kind te kry?". Maar aan die ander kant het ook die Here dankbaar gewees dat daar 'n lewe geskenk is en alhoewel sy 'n sindroomkind is, sy nog altyd vir ons 'n vreugde gaan wees. En ons sal haar behandel soos enige ouer 'n kind behandel deur haar normaal groot te maak. Om die waarheid te sê het ek niks van downsindroom geweet nie, maar ek weet eintlik wat hulle opgee. In Kimberley waar ek gewoon het, net so 'n straat agter ons, het ons predikant gewoon en sy seun was ook 'n downsindroom. Ek kon hom verstaan en sien wat hulle doen, hoe hy nou reageer en outomaties sal sy maar dieselfde wees as hy, So ek aanvaar maar. Wat ek bedoel met opgee is dat ek weet hulle raak gou kwaad en hulle sal nie lank op 'n ding besig wees nie dan raak hulle moeg. Hulle praat met jou soos 'n lap wat skeur, dit wil sê, hulle praat sonder ophou. Dis nie enigeen wat sulke kinders aanvaar nie, maar ek was bereid om haar te aanvaar en geweet waarnatoe ek eintlik in staat is. Daar was 'n juffrou Coetzee, 'n arbeidsterapeut in Villiersdorp, wat vir ons meer vertel het van downsindroom. Ek het ook 'n boek by 'n dokter gekry wat handel oor downsindroom een hoe 'n mens met hulle kan werk. Ek sal uit my pad uitgaan sodat sy 'n beter lewe kan hê. Die Here moet vir ons as gesin help sodat ons haar kan help en bystaan. Ek is baie trots op my dogter, al vloek sy my soms so 'n bietjie. Ek is trots op haar. My grootste probleem is egter dat ek bekommerd is oor wat van Glenda gaan word as ek en haar ma tot sterwe gaan kom. Ons wil eintlik hê dat Neville, my ouste seun, na haar moet

omsien. Hulle het nogal 'n baie goeie verhouding. Wanneer hy te lank by die werk bly en sy verlang na hom dan moet ek vir hom skakel. Ja, ek glo dat sy eendag net so gelukkig gaan wees soos nou."

In hierdie navorsing het onderhoude met die ouers en deelnemende observasie met die individu die navorser instaat gestel om bates by die leerder te identifiseer. Die ouers benodig baie deurlopende leiding en steun om die positiewe in hul dogter te kon identifiseer. Verskeie rolspelers soos die arbeidsterapeut, opvoeder, ouers en die navorser is gedurende die navorsing gebruik om die bates by die leerder te identifiseer sodat dit geaktiveer kan word. Die fokusgroep is saamgestel uit die rolspelers en hul doel was om alle relevante inligting waaroor hulle beskik het, saam te voeg en daaruit die bates identifiseer. Die geldigheid en betroubaarheid van die studie is verseker deur die samestelling van die verskillende bates deur die fokusgroep. Voorts sal daar 'n volledige uiteensetting gegee word van die onderhoude wat gevoer is met die opvoeder en arbeidsterapeut, asook die observasies wat onderneem is by die skool. Tydens die onderhoude met die ouers is die 40 ontwikkelingsbates as riglyn gebruik vir die identifisering van bates by die leerder met Downsindroom. Die rol wat die opvoeder, arbeidsterapeut en die breë skoolgemeenskap vertolk het, het 'n positiewe impak op die persepsie en belewenis van die ouers gehad ten opsigte van hul dogter se lewe en hul toekomsverwagting.

#### **4.4 'N SAMEVATTING VAN DIE ONDERHOUDE MET DIE ARBEIDSTERAPEUT**

Twee ongestruktureerde onderhoude is met die arbeidsterapeut en opvoeder gevoer waartydens gefokus is op die identifisering van interne en eksterne bates. Hier volg 'n opsomming van die onderhoude.

##### **4.4.1 Agtergrond van Glenda**

"Toe sy hier by ons skool aankom, het sy geen stimulasieprogram gevolg voor die ouderdom van sewe jaar nie. My eerste ontmoeting met Glenda was gekenmerk deur 'n leerder wat in 'n ongestruktureerde leeromgewing opgegroeï het. Dit het geblyk dat sy baie aan die gang was en moontlike hiperaktiwiteit is by haar gediagnoseer. Glenda het met goeie selfvertroue by die skool aangekom. Sy het maklik by die aktiwiteite binne die klasopset ingepas en maklik sosiaal met die res van die leerders verkeer. Dit was gou duidelik dat sy uit 'n baie ondersteunende leefomgewing kom, waar daar baie liefde tussen ouer en kind bestaan. Alhoewel sy

uit hierdie ondersteunende omgewing kom, het dit tog geblyk dat sy nie die gewenste stimulasie en aandag van haar gesin ontvang het wat van die skool verwag en aanbeveel is nie. Kommunikasie met Downsindroomkinders is oor die algemeen baie beperk en so was dit ook in die geval van Glenda. Haar sosiale vaardighede was in so 'n mate ontwikkel dat sy met 'n klein groepie leerders in die skool kontak gemaak het en veral drukkies aan hulle uitgedeel het. Sy het daarvan gehou dat die aandag van die personeel altyd op haar gevestig moes word. Sy kan beskryf word as 'n leerder wat haar emosies en behoeftes kan uitdruk. Dit het voorgekom dat sy met heelwat selfvertroue haar daaglikse takies kon aanpak en 'n kleiner mate ook standpunt kon inneem. Alhoewel haar kommunikasie gebrekkig voorgekom het, kon sy haar verbaal uitdruk op 'n verstaanbare wyse." Ek het 'n bewuste poging aangewend om die uitvalle van Glenda aan te spreek deur die volgende program op 'n daaglikse basis te volg.

**Tabel 8: Intervensie Program**

Uitvalle Aangespreek	Aktiwiteite Gedoen	Uitkomste Bereik
<p><b>1. Lae spiertonus:</b></p> <p>"'n Algemene kenmerk wat oor die algemeen 'n rol speel by leerders met Downsindroom, is hul lae spiertonus. Glenda het oor die algemeen 'n erge lae spiertonus gehad.</p>	<p><b>Tonus opbouende aktiwiteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Trampolienspring</li> <li>• Gewigdra deur die arms</li> <li>• Voordurende impak op ledemate</li> <li>• Fisiese aktiwiteite spelenderwys in klasverband.</li> <li>• Voorligting aan opvoeder om deurlopende ondersteuning in klas te bied wanneer tonus verlaag.</li> </ul>	<p>Alhoewel spiertonus altyd onderliggend dieselfde bly, was daar 'n merkwaardige verhoging in Glenda se spiertonus.</p>

<p><b>2. Konsentrasie/Oog-hand-koördinasie:</b></p> <p>"Haar konsentrasie was oor die algemeen baie swak. Sy was nie in staat om vir een minuut stil te sit en op 'n legkaart te konsentreer nie. Sy toon 'n onvermoë om die aksies wat die hand uitvoer, met die oë te volg.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gooi bal in mandjie</li> <li>• Wip 'n bal op die grond</li> <li>• Gooi blikke om met 'n tennisbal</li> <li>• Loop op 'n lyn</li> <li>• Oogbewegings</li> <li>• Volg 'n motortjie op 'n oppervlakte terwyl die kop stil gehou word.</li> <li>• Volg 'n tennisbal wat aan 'n tou aan die dak hang met die oë.</li> </ul>	<p>Haar konsentrasie het heelwat verbeter, aangesien sy nou vir langer periodes met aktiwiteite besig kan wees.</p>
<p><b>3. Liggaamsbeeld:</b></p> <p>"Sy was nog nie bewus van haar liggaam en die moontlikhede daarvan nie. Sy was byvoorbeeld nie bewus daarvan hoe haar liggaam in die ruimte om haar beweeg nie en kon nie al haar liggaamsdele onderskei en benoem nie.</p> <p>Haar lateraliteit, dit wil sê links-regs onderskeiding, as nog nie gevestig nie. Dit is aangespreek deur die volgende aktiwiteite:</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Raak aan jou tone, voete, bene, rug, bors.</li> <li>• Raak met jou hand aan jou knie.</li> <li>• Wys my jou rug, nek, enkel, maag, oë, ore, kop, ens.</li> <li>• Raak met jou oor aan jou skouer.</li> <li>• Raak met jou elmboog aan jou maag.</li> <li>• Opvoeder verwys gereeld na liggaamsdele en werk geïntegreerd.</li> <li>• Sê rympies op en vertel stories waar die verskillende liggaamsdele uitgewys word.</li> <li>• Wys jou regterhand</li> <li>• Wys my jou linkervoet</li> <li>• Wys my jou linkeroog</li> <li>• Wys my jou regteroor.</li> <li>• Raak met jou linkerduim aan jou linkervoet.</li> </ul>	<p>Haar liggaamsbeeld het baie verbeter en sy kan die meeste van haar liggaamsdele identifiseer, veral die growwe gedeeltes. Sy kan haaself verwoord deur te sê: "My voet is seer". Sy sukkel nog met detail soos wenkbroue, ens. Sy kan opdragte uitvoer waar haar liggaamsdele betrokke is soos "lig op jou voet".</p> <p>Links-regs onderskeiding is in 'n mate gevestig en word daaglik spelenderwys in die klas aangeleer.</p>

<p><b>4. Groot motoriese ontwikkeling:</b></p> <p>"Dit is die grootspierbewegings van die liggaam. Glenda se growwespier-groepe soos maag- en rugspiere was swak ontwikkel. Die program het oefeninge ingesluit wat die volgende aspekte aangespreek het, naamlik rugspiere (oefeninge terwyl op rug lê), maagspiere (oefeninge terwyl op maag lê), sitposisie, knip,hande- viervoet kniel en staan loop. Sy het gesukkel met balansprobleme. Daaglik is een aktiwiteit uit een van die vyf kategorieë in groepsverband gedoen."</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Deename aan speletjies.</li> <li>• Swem.</li> <li>• Kreatiewe dans en aksieliedjies.</li> <li>• Loop- en kruip oefeninge.</li> <li>• Loop op 'n balk, arms uitgestrek na die kante toe.</li> <li>• Loop agtertoe.</li> <li>• Staan op balanseerbord en hou balans.</li> <li>• Staan op tone vir tien tellings.</li> <li>• Spring op regter- en linkervoet.</li> </ul>	<p>Die fisiese oefeninge het die groot spiere verbeter. Die aktiwiteite was gepas vir die hele klas en was nie net gemik op Glenda se ontwikkeling nie. Haar sosiale vaardighede is ook positief aangespreek, want sy het dit geniet om die aktiwiteite met haar klasmaats te doen.</p>
<p><b>5. Spraakprobleme:</b></p> <p>"Die ander aspek wat baie aandag geveer het, was haar spraak. Ons het op daardie stadium nog nie 'n spraakterapeut gehad nie en moes self oplossings vind om die probleem aan te spreek. Ons het probeer om die spiertjies rondom haar mond area te verbeter."</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Blaas aktiwiteite soos</li> <li>• Ballontennis (blaas ballon oor lyn en maat blaas dit terug).</li> <li>• Blaas deur strooitjie.</li> </ul>	<p>Aanvanklik was die uitspraak van woorde slegs 'n gebabbel en onduidelik. Haar spraak het verbeter deurdat haar woorde meer duidelik hoorbaar uitgespreek word. Ten opsigte van haar taal het daar beslis ontwikkeling plaasgevind".</p>

#### 4.4.2 Dissipline en selfversorging

"Haar uitstaande sterkpunt is haar sosiale toegeneentheid tot mense. 'n Ander belangrike aspek wat met Glenda aangespreek is en wat baie ontwikkeling toon, is haar selfversorging. Ek moet dit net weer beklemtoon dat haar ouers haar baie oorbeklemmend en ongestruktureerd grootgemaak het, want haar ouers het nie baie dissiplinêr teenoor haar opgetree nie. Vir die skool was dit dus nogal 'n groot taak om vir Ma en Pa te kry om ook met haar streng te wees. Die aanbeveling is dat hulle haar moet behandel soos hulle hulle ander kinders grootmaak, want sy het hulle verskriklik gemanipuleer. Ons het baie skakeling met Mamma gehad, deur middel van die aanvanklike onderhoud wat ons met haar gehad het. Ons het aanbeveel dat

Mamma en Pappa moet begin kyk na haar dissipline en dat hulle sal moet begin om vir haar persoonlike takies, binne die gesin te gee. Die rede is dat selfversorging 'n integrale deel van haar opvoeding vorm en dat sy in die toekoms nie so afhanklik van ander mense moet wees nie. Mamma het dan ook besef dat sy nie vir altyd daar gaan wees vir Glenda nie, dat sy ouer gaan word en dat sy later nie meer alles vir haar sal kan doen nie. Sy moet begin om haar van Glenda los te maak en moet vir haar verantwoordelikhede begin gee soos om haar klere self te was en haar self aan te trek. Ons het by die skool begin dat sy die poppe aantrek en uittrek asook haarself begin aan- en uittrek. So leer sy om van dieselfde vaardighede en aksies gebruik te maak om haarself te versorg. Op die oomblik sukkel sy nog om heeltemal onafhanklik veters vas te maak, maar sy kan haarself aan- en uittrek, met minimale hulp, natuurlik. Ek dink die ontwikkeling van hierdie vaardighede was slegs moontlik, omdat ons skakeling en ondersteuning van die skool en die ouerhuis gehad het. Dissipline was 'n ander tawwe probleem waarmee ons gesukkel het en dit was 'n hele proses om haar te straf. Voorbeelde van strafmaatreëls wat ons aan die ouers voorgestel het, het ingesluit "timeout", beloning vir goeie gedrag, wegneem van voorregte vir onaanvaarbare gedrag. Die strafmaatreëls is dan ook konsekwent in die skool deur die opvoeders toegepas. Daar is ook gebruik gemaak van "detensie" gedurende pouses. Omdat sy 'n sosiale kind is en gedurende pouses in die klas moes agterbly, was dit vir haar die grootste vorm van straf wat jy vir haar kon gee. Dit is nog steeds 'n doeltreffende vorm van straf aangesien sy daarvan hou om tussen ander kinders te wees, veral gedurende pouses. Huidiglik sal sy nou vir jou luister as jy met haar praat, waar sy aanvanklik maar net vir jou sou aanstaar en doen wat sy gedink het, reg is. Haar dissipline het definitief baie verbeter, maar dit kan nog baie verbeter. Sy is oor die algemeen baie selfgeldend. Sy sal onmiddellik sê: "Nee, ek wil nie nou dit of dat doen nie". Sy het 'n begrip van wat reg en wat verkeerd is. Wat selfversorging betref, het sy nie meer so baie hulp soos voorheen nodig nie. Sy gaan nog steeds soms haar klere uittrek en net daar los, maar sy gaan nie onnet skool toe kom of so huis toe gaan nie. Sy is verskriklik gesteld op haar hare wat netjies moet wees en sy sal altyd haar kleertjies regtrek wanneer sy voor die spieël kom staan. Daar is by haar begrip van ek moet mooi lyk, ek moet aanvaarbaar lyk vir ander mense." Dissipline wat natuurlik wat by die huis gevestig moes word, kan nou deurgetrek word by die skool. Ek kan onthou hoe sy vroeër somer op enige stadium tydens die saalbyeenkoms toilet toe sou gehardloop het,

net om weg te kom. Dit het natuurlik ook te doen met haar kort konsentrasiespan. Nou sal sy vir 'n baie langer periode stil sit, tot 'n halfuur lank tydens die byeenkoms. Die klasopvoeder sal u meer kan vertel omtrent haar funksionering in klasverband."

#### **4.4.3 Samevatting van die onderhoude met die klasopvoeder**

Glenda is 'n pragtige, liefdevolle dogter met 'n oulike gesiggie, kenmerkend van kinders met Downsindroom. Wanneer ek haar soggens in die gang by die skool teëkom, sal sy haar arms wyd uitsteek en na my toe hardloop om my 'n drukkie te kom gee. Sy is vriendelik met almal, veral met haar klasmaats, maar kan ook soms haar vriendelikheid gebruik om jou te manipuleer, sodat sy dinge regkry wat sy nie normaalweg kan regkry nie. Sy was aanvanklik baie afgesonderd in die klas, omdat sy verkies het om alleen te speel en te werk. Sy wou nie graag deelneem aan klasaktiwiteite, en veral groepsaktiwiteite nie. Ek het haar altyd aangemoedig om deel te neem aan aktiwiteite in groepsverband deur aan haar spesifieke verantwoordelikhede binne die groep te gee. Sy het nou al so ver gevorder met aktiewe deelname dat sy voor groepe optree. Sy hou veral van dans en sing, of om sommer net te praat voor groepe. Haar toenemende deelname het veral haar selfvertroue baie verhoog. Sy is baie lief vir musiek en kan vir lang periodes ongesteurd na musiek luister. Soms hou sy sommer haar lyf model en gebruik die musiek om te modelleer. Sy dans soms alleen en sy geniet dit verskriklik om die aandag op haar te vestig. Verder bespeel sy graag die musiekinstrumente wat ons gewoonlik in die slagorkes gebruik. Ons gee vir haar die geleentheid in die klas, sodat sy meer en meer spontaan kan raak. Glenda word ook betrek by die opvoering van bybelteksies of ander leesstukkies uit boekies voor gehore by die skool tydens byeenkomste en kultuuraande. Sy neem aktief deel aan huishoudelike aktiwiteite wat skoonmaaktakies insluit. Sy maak byvoorbeeld die wasbakkies skoon, dek tafels vir terapeutiese maaltye (sal later volledig bespreek word) en was en droog skottelgoed af. Sy vee die tafels af, vee die klaskamer uit en ruim sommer die klas op. Sy neem graag leiding wanneer sulke takies in die klas verrig word en is 'n bron van motivering vir haar klasmaats om ook aktief aan hierdie aktiwiteite deel te neem. Glenda hou nogal baie daarvan om as leier in die klas op te tree, maar soms knou sy die ander leerders af. Sy sit soms op my stoel en dan maak sy asof sy vir die leerders in die klas 'n storie voorlees. Sy hou die boek op haar skoot, soos ek gewoonlik maak, en dan moet hulle mooi luister, anders word daar met hulle geraas.

**Tabel 9: Die volgende aktiwiteite word aangewend as deel van die leerders se ontwikkeling in die klas**

<b>Grootmotoriese Ontwikkeling:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoepels</li> <li>• Balle</li> <li>• Balanseerbankies</li> <li>• Boontjiesakkies</li> <li>• Trampolien</li> <li>• Trap-my -vang</li> </ul>
<b>Fynmotoriese Ontwikkeling:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rygaktiwiteite met groot en klein krale</li> <li>• Sortering en konstruksie met groot en klein gekleurde blokkies</li> <li>• Legkaarte</li> <li>• Pennetjebord</li> </ul>

Daar is ook ander apparaat soos poppe en 'n groot spieël in die klas, wat deur die leerders gebruik word. Glenda is baie lief om die poppe se hare en haar eie te kam en haarself mooi te maak voor die spieël. Daar is ook genoeg apparaat waarmee hulle poppehuisie speel, soos potte, panne en breekware. Gedurende hierdie sessies leer die leerders om huishoudelike takies te verrig, maar die belangrikste is egter om met mekaar te sosialiseer. Glenda hou daarvan om die poppe aan en uit te trek. Dieselfde vaardighede wend sy dan ook aan om haar eie klere aan- en uit te trek en sodoende haarself mooi te maak. Glenda moet baie aangemoedig en ondersteun word wanneer sy besig is met verskillende takies. My rol as opvoeder is om vir haar te wys hoe die takies gedoen moet word en dit by herhaling te doen. My klasassistent word by die leerproses betrek deur ondersteuning te bied aan die ander leerders, terwyl ek besig om ander leerders te help.

Ek wil nou graag die verskillende rolle en verantwoordelikhede van die menslike hulpbronne binne die klas meer breedvoerig in Tabel 9 bespreek:



Tabel 10

<b>Klasopvoeder:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Werk 'n tweeweeklikse lesplan uit wat leerareas soos Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensoriëntering insluit. Die leeruitkomste wat die verskillende leerareas aanspreek, sluit in: Geletterdheid – praat en luister, Gesyferdheid – getalsimbole en getalbewerking en Lewensoriëntering – persoonlike ontwikkeling, gesondheidsbevordering, sosiale ontwikkeling, fisiese ontwikkeling en beweging.</li> <li>• Deurlopende assessering, dit wil sê aantekeninge word gemaak oor die takies soos knip- en plakwerk, wat daagliks afgehandel word.</li> </ul>
<b>Klasassistent:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Speel 'n ondersteunende rol in die leerproses</li> <li>• Verleen hulp tydens lesuur ten opsigte van die leerders se takies</li> <li>• Verleen hulp met toiletroetine</li> <li>• Verleen hulp met selfversorging ten opsigte van persoonlike versorging en higiëne soos tandeborsel, handewas, naelversorging, bad, ens.</li> <li>• Aanleer van tafeletiket soos die korrekte hantering van eetgerei, dek van tafel voor ete, opruiming na ete, opwas van eetgerei en die skoonmaak van die klaskamer.</li> <li>• Ondersteuning by die aanleer van fynmotoriese vaardighede soos knopies vas- en losmaak, veters knoop, gespes vasbind, aan- en uittrek van skoene, sokkies, truie, ens.</li> </ul>
<b>Leerders:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Leerders leer om te sosialiseer deur middel van samespel</li> <li>• Leer om sosiaal aan te pas in die klas</li> <li>• Leer om beurte te neem en te gee</li> <li>• Leer om mekaar in die leerproses te respekteer</li> <li>• Gesonde kommunikasie word bevorder</li> <li>• Leer om emosies te beheer en ander se gevoelens in ag te neem</li> </ul>
<b>Klaskamer:</b>	<p><b>Opvoedkundige Hulpmiddels:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Legkaarte – om liggaamsdele aan te leer</li> <li>• Paswerk ter bevordering van visuele diskriminasie, vormwaarneming en kleuronderskeiding</li> <li>• Boublokkies vir sortering en konstruksie, byvoorbeeld om 'n huisie of toring te bou</li> <li>• Pennetjebord vir analise en sintese</li> <li>• Inrygaktiwiteite met krale en veters</li> <li>• Kleiwerk – brei en rol van klei</li> <li>• Knipwerk</li> </ul>

	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Papierskeur</li> <li>• Sand en waterspel vir die aanleer van inhoud en hoeveelheid</li> <li>• Poppespel vir die aanleer van uit- en aantrekvaardighede, persoonlike higiëne en herkenning van liggaamsdele</li> <li>• Balle en boontjiesakkies vir die versterking van oog-hand- (gooi, vang en bons) en oog-voetkoördinasie (skop)</li> <li>• Gooi kegels met 'n bal ter versterking van konsentrasie</li> <li>• Mat vir rol, kruip en spring</li> <li>• Hoepels</li> <li>• Balanseerbanke vir ontwikkeling van balans</li> </ul>
<b>Terrein:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Klim-en-klouterapparaat om grootspiere te ontwikkel</li> <li>• Sportfasiliteite vir die aanleer en verbetering van verskillende sportsoorte soos sokker, netbal, hokker en atletiek</li> </ul>

#### 4.5 DEELNEMENDE OBSERVASIE

Ek as navorser het gebruik gemaak van veldnotas, klank- en video opnames tydens die observasies by die skool en die ouerhuis. Ek het die klank- en video opnames gebruik om die bates van die eenheid van ondersoek aan te teken. Ek het die leerder fisies in die klaskamer en op die speelterrein geobserveer en hoe sy binne die konteks gefunksioneer het. Die verskillende bates wat tydens die sessies waargeneem is, word in hoofstuk 5 as deel van die samevattende bevindings bespreek.

##### 4.5.1 Video 1: Opname op die speelterrein

Dit is nou eerste pouse en die leerder beweeg nou na die speelterrein. Die leerders van die juniorgroep beweeg nou na die swaaie, want dit is vandag hulle beurt om daar te speel. Glenda stap alleen, maar sluit by 'n veel jonger maatjie aan. Hulle praat met mekaar, maar dit is moeilik om te verstaan waaroor die gesprek nou eintlik handel. Glenda beweeg in die rigting van die swaaie, maar verkies om vandag net te kyk hoe die ander kinders op die swaaie baljaar. Later kry sy die geleentheid om op die swaai te klim. Sy sukkel aanvanklik om op die swaai te kom en vra hulp by die ander omstaanders. Sy kan ongelukkig nie aan die beweeg kom nie en vra van die maatjies om haar te help. Haar gesiggie straal wanneer sy aan die beweeg kom en roep 'n jonger maatjie om saam met haar te swaai. Sy geniet dit op die swaai en lag

uitbundig wanneer sy op en af beweeg. Die speelyd is verby en die leerders beweeg nou terug na hul klas.

Die vaardighede wat tydens hierdie sessie aangespreek word, is sosialisering, groot motoriese ontwikkeling, probleemoplossing en die verlening van ondersteuning. Die leerders leer om mekaar beurte te gee om die fasiliteit te gebruik. Hulle moet self die roete uitwerk om op die swaai te kom en die swaai in beweging te bring. Indien dit vir hulle te moeilik word om die swaai in beweging te bring, word die hulp van die maats aangevra en so word ondersteuning aan mekaar gebied.

Alhoewel dit blyk dat Glenda daaglik aan die aktiwiteit blootgestel word, slaag sy definitief daarin om met ander maatjies te sosialiseer. Dit gebeur nog soms dat die ander maatjies haar nie altyd die geleentheid wil gee om saam met hulle te speel nie. In sulke gevalle kies sy vir haar 'n maatjie om dan eenkant te speel. Daar het groot verbetering ten opsigte van haar groot motoriese ontwikkeling plaasgevind, aangesien haar balans verbeter het en sy sonder veel moeite kan spring en kruipbewegings kan uitvoer.

#### **4.5.2 Video 2: Tema – Sintuie**

Die opname word in die klaskamer gemaak. Die leerders sit in 'n kring met hulle bene gekruis, in afwagting op die begin van die les. Glenda spring op en gaan sit op die opvoeder se stoel en maak asof sy in beheer van die klas is. Die opvoeder evalueer reeds verworwe kennis van die leerders deur vragies aan hulle te stel ten opsigte van blindheid. Die leerders het reeds die Pionierskool vir visueelgestremdheid vroeër in die jaar besoek. Die leerders onthou nog hulle besoek aan die Pionierskool en vra: "Juffrou, wanneer gaan ons weer na daai skool waar die blinde kinders is?" Die opvoeder vra die leerders om die verskillende sintuie op te noem. Die leerders noem die verskillende sintuie op, naamlik die oë, ore, tong en die neus. As deel van vaslegging noem sy weer die verskillende sintuie en beklemtoon die doel van elke sintuig. "Met jou ore hoor jy, met jou oë sien jy, met jou tong proe jy en met jou neus ruik jy." Die opvoeder vra vir Glenda om haar sintuie op te noem. Sy sukkel aanvanklik om dit te benoem, maar onthou die oë en die neus. Die opvoeder gebruik 'n prent as hulpmiddel om die verskillende liggaamsdele te beklemtoon en spesifiek die verskillende sintuie. Sy gebruik die volgende metode: "Wys vir my die tong ... wat maak ons daarmee? ... Ja, ons proe daarmee ... Ons eet roomys. Wys

vir my jou oë ... Wat maak ons daarmee? ... Ja, ons kyk in die spieël daarmee. Wys vir my jou neus ... Wat maak ons daarmee? ... Dis reg ... ons ruik aan 'n blommetjie met ons neusies. Wys vir my jou ore ... Wat maak ons daarmee? ... Ja, ons luister na musiek en hoe die voëltjies daar buite fluit".

Luisteroefeninge word nou gedoen as deel van die evaluering. Die leerders sit op die mat met hul oë toe en luister na die ritmiese klapgeluide wat deur juffrou gemaak word. Hulle herhaal die ritmiese klapbewegings byvoorbeeld drie stadige en twee vinnige klappe. Al die leerders kry individueel die geleentheid om geëvalueer te word en die aktiwiteit in te oefen. Glenda vind dit moeilik om die ritmiese bewegings korrek uit te voer, maar sy het ten minste probeer.

Die reuksintuig word vervolgens geëvalueer. Die opvoeder het verskillende vrugte in 'n toe mandjie. Van die leerders word verwag om aan die vrugte te ruik en dit dan te benoem. Geletterdheid en gesyferdheid word hier aangespreek, aangesien die leerders die vrugte se name aanleer. Die aantal vrugte word ook beklemtoon. Glenda en 'n maatjie word deur die klasassistent geblinddoek sodat hulle nie vrugte kan sien nie. Glenda ruik aan die vrugte en herken die appel. Sy vind dit egter moeilik om die res van die vrugte uit te ken. Die kleur van die vrugte word vasgelê. Glenda staan spontaan op en begin die volgende liedjie sing: "It's a welcome here". Die liedjie het geen betrekking op die les nie, maar sy wou graag die liedjie sing. Die res van die klas sing die liedjie, "Dansmaatjies", waar die verskillende liggaamsdele, insluitende die sintuie, beklemtoon word.

Die opvoeder sny die appels, piesangs en pynappels op en deel aan elke leerder 'n stukkie van die vrugte uit. Hulle proe aan die vrugte en vertel hoe dit proe. Glenda het 'n gemiddelde begrip van die verskillende sintuie en die gebruik daarvan. Die verskillende sintuie en die gebruik daarvan sal vasgelê word deur middel van herhaling.

#### **4.5.3 Video 3: Ontwikkeling van fyn- en groot motoriese vaardighede**

Die les behels die inryg van klein en groot krale aan die hand van nabootsing van patrone, byvoorbeeld een geel kraal en twee rooi krale, ensovoorts. Die inryg van krale is ook voorbereidende oefeninge vir skryfwerk. Glenda weier vandag om saam met die res van klas inrygwerk te doen. Die opvoeder belowe aan haar dat sy 'n vruggie kan kry as sy al die krale mooi inryg. Sy sê die volgende: "Kom sit by my".

Sy ken nie die aantal krale wat sy moet inryg nie en wil by juffrou weet hoeveel krale dit is. Die klas-assistent verleen hulp aan die res van die leerders wat nie die inrygwerk kan doen nie, maar wat besig is met ander aktiwiteite. Glenda ryg een geel kraal in en is baie opgewonde oor haar prestasie. Die opvoeder moedig haar aan om twee rooi krale in te ryg, wat sy dan ook met die nodige sukses doen. Sy gee uitdrukking aan haar sukses deur vir die opvoeder 'n drukkie te gee. Die opvoeder gee ook mondelinge ondersteuning aan die res van die leerders om verskillende tegnieke te gebruik om patrone te voltooi. Dit blyk dat die vaslegging van kleure nog nie by Glenda gevestig is nie.

Die leerders staan met albei voete binne-in 'n hoepel. Hulle staan vir vyf minute op een been en wissel dan weer af deur vir 'n verdere vyf minute op die ander been te staan. Hulle spring dan vir 'n aantal tellings op die een been en wissel dit af deur op die ander been te spring. Die leerders gooi die bal na mekaar en vang die bal met albei hande. Die aksie word herhaal totdat almal 'n paar beurte gekry het. Glenda verkies nou om alleen te speel en dribbel die bal op die grasperk. Sy besluit nou om saam met die groter groep te speel en skop die bal na haar maatjie. Die vaardighede wat hier aangespreek word, is konsentrasie, oog/hand- en oog/voet- koördinasie.

Glenda het die verlangde uitkomstede gedeeltelik bereik. Sy is in staat om die bal te kan skop, vang en die bal te gooi en vang. Haar balans moet nog heelwat versterk word, aangesien sy soms sukkel om haar haarself te balanseer.

#### **4.5.4 Video 4: Gesonde kos**

Die les word ingelei met die aanleer van 'n gediggie wat handel oor gesonde kos. Die opvoeder lees die woordjies voor en die leerders herhaal die woorde. Die leerders straal van opgewondenheid toe hulle die tafel met al die gesonde kosse sien. Daar is 'n hele verskeidenheid van groentesoorte en vrugte soos aartappels, tamaties, pampoens, kropslaai, kool, patats, wortels, komkommer, skorsies, groenbone, eiers, melk, kaas, pap, volgraanbrood, vis, appels, lemoene, koejawels, avokadopere, vrugtesap en jogurt. Die opvoeder maak heelwat van integrasie gebruik wanneer die leerders die objekte tel. Geletterdheid word ook aangespreek wanneer die leerders die name van die verskillende kossoorte opnoem en aanleer. Die gebruike van die verskillende kossoorte word ook met die leerders behandel. Kleurherkenning word gedoen wanneer die leerders die kleur van die verskillende

groente en vrugte benoem. Die leerders kan onderskei tussen die verskillende kleure, maar sommige vind dit nog moeilik om kleure uit te ken. Donovan verduidelik watter stappe sy mamma volg wanneer sy pampoen wil kook. Die leerders voel of die patat hard of sag is en so word tekstuur ook by die leerders geëvalueer en vasgelê.

Die beoogde leeruitkomst vir die les, naamlik gesondheidsbevordering, is in 'n groot mate bereik, aangesien die leerders blootgestel is aan die verskillende gesonde groente- en vrugtesoorte. Deur die assesseringstandaard, naamlik die belangrikheid om gesonde kosse te eet, word die leerders aangemoedig om gesonde kosse te eet en ongesonde kosse te vermy. Al die leerders het die lessie geniet. Aan die einde van die les het die leerders die geleentheid gehad om van die gesonde kos te eet. Hulle het byvoorbeeld self hul volgraanbroodjie gesmeer en van die vrugte geproe. Hulle was baie gretig om van die vars melk en vrugtesap te proe.

Die les is afgesluit met die volgende liedjie:

### **Gesonde Kos**

Appels, pere, vrugte soet

Bone, wortels, groente goed

Alles maak gesond en sterk

Dit maak my net fiks vir werk

Ek hou van gesonde kos

Kwepers, druiwe aan 'n tros.

### **4.5.5 Video: Terapeutiese ete**

Die leerders word daaglik voorsien van een terapeutiese maaltyd waar die onderstaande vaardighede aangeleer en ingeskerp word:

- Was hande voor ete
- Kou met 'n toe mond
- Kou die kos fyn voor jy sluk
- Moenie praat met 'n mond vol kos nie
- Dek van tafel – mes, vurk, lepel, tafematjie en servet
- Korrekte hantering van lepel, vurk, mes en vurk

- Die gebruik van die servet
- Afdek en opruim

Dit is 'n deurlopende program en die vaardighede word elke dag inge oefen.

#### 4.6 FOKUSGROEP

Ek het aan die begin van my navorsing 'n inligtingsessie met die opvoeders, arbeidsterapeut, verpleegsuster en die prinsipaal gehad, waar die doel van die navorsing en die beginsel van die bate-gebaseerde benadering aan hulle verduidelik is. Hulle rolle binne die navorsing is ook gedefinieer, maar meer spesifiek met die identifisering van bates by die dogter met Downsindroom. Die navorser het sy navorsingsmetode met die fokusgroep bespreek en aan hulle die geleentheid gebied om vrae te stel. Die 40 Ontwikkelingsbates is as basis gebruik vir die identifisering van bates by die leerder met downsindroom. Die verskillende rolspelers het hulself beskikbaar gestel om aktief deel te neem aan die proses van bate-identifisering.

#### 4.7 DATA-ANALISE

##### 4.7.1 Inleiding

Merriam (1991:127) beskryf data-analise as "the process of making sense out of one's data". Die waarde van kwalitatiewe navorsing word deur die kwaliteit van die data-analise bepaal (Silverman, 1993:5).

Tydens die proses van data-analise is daar verskillende eksterne en interne bates by die leerder met Downsindroom geïdentifiseer uit die onderhoude met die verskillende deelnemers. Die bates is aan die hand van die 40 ontwikkelingsbates geïdentifiseer, soos uiteengesit in die onderstaande tabel.

**Tabel 11: Temas wat uit die onderhoud met die moeder voortgespruit het**

BESKRYWING	KATEGORIE	KODE
• ek en my man se verhouding is goed	verhouding met gesin	Verh.
• sy kry haar pak op haar tyd	dissipline	Displ.
• sy moet net by die huis bly	oorbeskerming	Oorbesk.
• ek het my kind self versorg	omgee vir dogter	Omg.
• dis my man se drinkery	onkunde	Onk.
• daar is geen skool nie	toekoms	Toek.
• ons bedank uit ons werk	opofferings	Opof.

• sy het asma ontwikkel	gesondheidsprobleme	Gesondh.
• sy gee graag drukkie	liefdevol	Liefd.

**Tabel 12: Temas wat uit die onderhoud met die vader voortgespruit het**

BESKRYWING	KATEGORIE	KODE
• uitgesien om kinders by my vrou te hê	gesin	Ges.
• M het byna miskraam gehad	mediese toestand	Medies.
• die pille het die sindroom veroorsaak	onkunde	Onk.
• ek was saam met haar geboorte	bystand	Byst.
• hartseer oor gebeure	emosies	Emos.
• boek oor DS by dokter gekry	inligting	Inl.
• wat gaan van G word	toekoms	Toek.

**Tabel 13: Temas wat uit die onderhoude met die skool voortgespruit het**

BESKRYWING	KATEGORIE	KODE
• opvoeders, terapeute en leerders	menslike hulpbronne	Mensh.
• klim-en-klouter apparaat	terrein	Ter.
• atletiek, netbal, hokker	sportgeriewe	Sport.
• persoonlike higiëne, selfversorging,	leerplan	Leerpl.
• interaksie met klasmaats	sosialisering	Sos.
• deelname aan klasaktiwiteite	selfvertroue	Selfv.
• huidige omstandighede	toekoms	Toek.

Die navorser het eers individuele onderhoude met die ouers gevoer en later is 'n gesamentlike onderhoud met beide ouers gevoer. In tabel 12 en tabel 13 word die temas wat uit die individuele onderhoude met die moeder en die vader voortgespruit het, uiteengesit.

#### **4.8 KARTOGRAFIESE VOORSTELLING VAN GEÏDENTIFISEERDE BATES**

Die lys van interne en eksterne bates van die leerder met Downsindroom is nie finaal nie, want die proses van identifisering het nou eers begin. Die lys van bates kan uitgebrei word wanneer die leerder meer blootstelling by die huis, die skool en in die breër gemeenskap gaan kry. In figuur 3 (p. 72) en figuur 4 (p. 73) word 'n



uiteensetting van die lys van interne en eksterne bates wat tydens die navorsing geïdentifiseer is, gegee.

Dit is noodsaaklik dat die bates wat tydens die navorsing geïdentifiseer is, gemobiliseer word. Die ouers en die skool gaan in die proses 'n belangrike rol speel deur die geïdentifiseerde bates te onderhou en dit verder uit te bou. Sodoende sal die leerder se bates uitgebrei word.

Hier volg 'n lys van interne en eksterne bates wat deur die navorsing geïdentifiseer is.

**FIGUUR 3: Kartografering van eksterne bates by 'n tienjarige dogter met Downsindroom\***

<b>EKSTERNE BATES</b>			
<b>Ondersteuning</b>	<b>Bemagtiging</b>	<b>Grense en Verwagtinge</b>	<b>Konstruktiewe Tydgebruik</b>
<b>Gesinsondersteuning:</b>	<b>Gemeenskapswaardering vir leerder:</b>	<b>Gesinsgrense:</b>	<b>Kreatiewe aktiwiteite:</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>Sy ontvang baie aandag, liefde en ondersteuning van haar ouers en broers. Sy geniet alle voordele wat die ander kinders geniet en word nie behandel as 'n kind met 'n gestremdeheid nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die leerder is baie gewild by die skool en haar gewildheid strek vanaf die doserende- en nie-doserende personeel tot by die terapeut. Sy word betrek by die totale leerprogram en kry genoegsame ondersteuning van alle rolspelers.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die leerder word toegelaat om die skool by te woon en aan al die aktiwiteite van die skool deel te neem. Maatjies in die buurt word nie toegelaat nie. Die gesinsreëls is van toegepassing op alle gesinslede.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Leerder hou van dans en musiek en neem deel aan kultuuraktiwiteite. Sy sing graag in die klas en tydens byeenkomste.</li> </ul>
<b>Positiewe gesinskommunikasie:</b>	<b>Roltoekenning:</b>	<b>Grense buite die huis:</b>	<b>Positiewe supervisietyd by die huis:</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>Die verhouding binne die gesin is kerngesond. Die dogter het 'n besondere verhouding met haar boeta, Neville. Ma en dogter doen alles saam en deel meer 'n vriendskapsverhouding as 'n ma-dogter verhouding. Pa bied ondersteuning aan ma.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die leerder se verantwoordelikheid binne die huis is gefokus op selfversorging en die ontwikkeling van huishoudelike vaardighede soos skoonmaak, opruiming en opwas van skottelgoed.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die skool bied die ontwikkelings- en stimulasieprogram aan wat deur die gesin tuis versterk word. Daar bestaan goeie interaksie tussen die skool en die huis.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die moeder het nie 'n permanente werk nie en is die tuisteskepper van die gesin. Sy skenk daagliks kwaliteit tyd aan die leerder en voorsien in al haar behoeftes.</li> </ul>
<b>Verhouding met volwassenes buite gesin:</b>	<b>Veiligheid:</b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>Die dogter het 'n baie goeie verhouding met haar opvoeders, arbeidsterapeut, drywers en die klas-assistent opgebou.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Leerder word tuis veiligheidsbewus gemaak. By skool is veiligheidsmaatreëls in plek in klasse en op speelterrein aan die hand van die skool se veiligheidsplan. Leerders word nooit sonder toesig in die klas en op die speelterrein gelaat nie.</li> </ul>		

**FIGUUR 4: Kartografering van interne bates by 'n tienjarige dogter met Downsindroom\***

<b>INTERNE BATES</b>			
<b>Verbintenis tot leer</b>	<b>Positiewe Waardes</b>	<b>Sosiale Bevoegdheid</b>	<b>Positiewe Identiteit</b>
<b>Presteer, verwagting en motivering:</b>	<b>Versorging:</b>	<b>Inter-persoonlike interaksie:</b>	<b>Gevoel van waarde:</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Leerder is opgewonde oor skoolgaan en kom vertel van wat by die skool gedoen word. Sy maak self haar bed op, bad, borsel haar eie hare en tande en maak self haar skoene skoon. Vaardighede wat sy by die skool geleer het.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verleen graag hulp by die huis en aan klasmaats.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die leerder het 'n goeie verhouding met haar maats by die skool opgebou.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Leerder sal altyd in die klas sê dat sy mooi is of dat haar hare mooi gevleg is.</li> </ul>
<b>Binding met skool:</b>	<b>Gesonde leefwyse:</b>	<b>Kulturele interaksie:</b>	<b>Positiewe uitkyk op die lewe:</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Leerder woon die skool getrou by en is opgewonde wanneer haar opvoeder en klasmaats se name genoem word.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ouers word aangemoedig om gesin se dieet te monitor deur gesonde eetgewoontes aan te moedig.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Leerder se maats sluit Xhosa sprekendes in met wie sy goeie verhoudings het.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy neem graag aan skoonheidskompetisie soos mej Eden en mej Karnaval deel.</li> </ul>
<b>Lees vir ontspanning:</b>			<b>Positiewe selfbeeld:</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mamma lees elke aand vir haar 'n storie voordat sy gaan slaap. Opvoeder lees ook stories oor alledaagse gebeurtenisse.</li> </ul>			<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die leerder probeer eers self 'n aktiwiteit bemeester voordat sy hulp aanvaar.</li> </ul>

\*Bostaande lyste van interne en eksterne bates is tydens onderhoude met ouers, opvoeders en arbeidsterapeut, en ook deur middel van video- en klankopnames, en observasies geïdentifiseer.

#### 4.9 REFLEKSIE

In hierdie Hoofstuk is die verloop van die resultate van die navorsing bespreek deur van die bate-gebaseerde benadering gebruik te maak om interne en eksterne bates by 'n leerder met Downsindroom te identifiseer. Ek het onderhoude met verskillende deelnemers, onder andere die ouers, opvoeder en arbeidsterapeut gevoer met die doel om bates te identifiseer.

Aan die einde van die onderhoude het ek data-analise gedoen deur middel van kodering om interne en eksterne bates by die leerder met downsindroom te identifiseer.

In die volgende hoofstuk sal die bevindinge van die navorsing bespreek word. Die samevattende gevolgtrekking, beperkings van die navorsing en die aanbevelings vir verdere studie sal bespreek word.

Die ouerhuis voorsien in die alledaagse behoeftes van die leerder, maar poog ook om haar so op te voed dat sy in die toekoms selfversorgend en selfonderhoudend kan wees. Die skool verseker deur die kurrikulum en programme dat sy die vaardighede aanleer wat nodig is om met die nodige ondersteuning tog selfversorgend en selfonderhoudend te kan wees. Die kerk voorsien in die geestelike behoeftes van die leerder en haar gesin.

## HOOFSTUK 5

# DIE RESULTATE VAN DIE STUDIE, SAMEVATTINGS, BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS



### **EK IS MAAR BAIE SOOS JY**

(Outeur onbekend)

Jy kyk na my met bejammering, besorgdheid of  
ongeërgdheid,

want ek is 'n gestremde kind.

Maar jy sien net my uiterlike

As ek myself sou kon uitdruk,

sou ek jou kon vertel wat diep binne-in my is.

Ek is maar baie soos jy.

Alhoewel dit gerieflik is om soos 'n baba  
vertroetel te word,

is ek meer onafhanklik as mense my soos 'n  
groot meisie behandel.

Ek wil nie hulle simpatie hê nie.

Ek wil hulle respek hê vir dit wat ek kan doen.

Ek is stadig en baie dinge wat vir julle as  
vanselfsprekend kom, is vir my moeilik.

Dit het my maande geneem om my groot blou  
driewiel te leer ry,

maar ek was so trots toe albei voete in  
dieselfde rigting begin trap het ... en die wiel  
vorentoe beweeg het.

Hoe groot was my vreugde toe ek die regte kraan  
kon oopdraai

Om vir myself 'n glas water te tap.

Ek wil dit eintlik nooit weer toedraai nie.

As ek teen my eie tempo kan leer en nog steeds  
aanvaar word,

sal ek in 'n wêreld kan inpas waar stadigheid  
met agterdog bejeën word.

Dink eerste aan my as 'n persoon

wat pyn, liefde en vreugde voel.

En weet dat ek 'n kind is wat aanmoediging en  
leiding nodig het.

Glimlag en sê hallo ... selfs dit is al genoeg.

**(Nasionale Downsindroom Vereniging: 'n Basiese Inleiding tot Downsindroom)**

## 5.1 INLEIDING

Die soeke na alternatiewe maniere om na persone met gestremdhede te kyk, raak al hoe meer noodsaaklik. Daar word oor die algemeen na die persone gekyk vanuit 'n behoefte-gebaseerde benadering waar die tekorte en behoeftes van die persoon onderstreep word. Met die koms van demokrasie in Suid-Afrika en die feit dat almal op gehalte-onderwys geregtig is, word daar toenemend na die talente, vermoëns en sterkpunte van die gemeenskap gekyk. Die bate-gebaseerde benadering is daarop gerig om die bates van die individu en die gemeenskap in ag te neem. Die fokus van hierdie navorsing was om die bate-gebaseerde benadering te verken as alternatief van die behoefte-gebaseerde benadering wat fokus op die behoeftes en tekorte. In die navorsing was die fokus geplaas op die identifisering van bates by die leerder met Downsindroom.

In die hoofstuk sal die bevindinge van die navorsing bespreek word. Die beperkings van die navorsing en voorstelle vir verdere studie sal bespreek word. Hier volg 'n samevatting van die hoofstukke.

## 5.2 SAMEVATTING VAN DIE HOOFSTUKKE

Die belangrikheid van die navorsingsvraag word deur Huysamen (1994:170) beklemtoon. Die navorsingsvraag vir my navorsing was om vas te stel wat die interne en eksterne bates by 'n tienjarige dogter met Downsindroom was. Die doel van die studie het gefokus op die identifisering en aktivering van die bates, tot voordeel van die dogter.

Die eenheid van ondersoek is by die skool sowel as by die huis geobserveer en onderhoude is met verskillende rolspelers soos die ouers, opvoeder en arbeidsterapeut gevoer. Die doel van die onderhoude met die verskillende rolspelers was om meer inligting rakende Glenda te bekom om sodoende die interne en eksterne bates te identifiseer.

In **hoofstuk** 1 is die konteks van die studie uiteengesit en ingedeel in die probleemstelling en die doel van die navorsing. Verder word die bate-gebaseerde benadering toegelig. Definisies van die kernkonsepte word verskaf en die uiteensetting van die program word voorsien.



In **hoofstuk 2** is die teoretiese raamwerk en struktuur van die studie bespreek, want volgens Babbie en Mouton (2001:204) werk elke navorser vanuit 'n sekere teoretiese raamwerk. Die mediese en ekosistemiese benaderings word bespreek ten opsigte van die identifisering van bates. Die bate-gebaseerde benadering as alternatief vir die mediese en ekosistemiese modelle word in die hoofstuk bespreek.

In **hoofstuk 3** is die navorsingsontwerp en die metodologie van die studie bespreek. Die tegnieke om data in te samel, naamlik veldwerk (veldnotas) en onderhoude, deelnemende observasie word bespreek. Die analisering van die data wat tydens die navorsing versamel is, word bespreek. Die etiese oorwegings word ook toegelig.

In **hoofstuk 4** word die proses van die verloop en resultate van die navorsing uiteengesit. 'n Lys van bates wat tydens die navorsing geïdentifiseer word, word verskaf.

### **5.3    BESPREKING VAN BEVINDINGE**

Na aanleiding van die bevindinge tydens die navorsing, word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Die ouers van die leerder met Downsindroom het 'n beperkte kennis van die gestremdheid gehad. Die ouers het weinig ondersteuning gehad. Hulle blootstelling aan die inligting met betrekking tot Downsindroom was uiters beperk en hulle was nie bewus van hul dogter se talente en potensiaal nie. Die ontdekking van nuwe bates by die leerder het hulle bewus gemaak van die bates waaroor hulle dogter beskik. Die ontdekking van nuwe interne en eksterne bates by die leerder het nuwe hoop vir die ouers gebring. Dit is ook 'n duidelike bewys dat leerders met gestremdhede nie net oor behoeftes en tekorte beskik het nie, maar ook oor individuele bates beskik.
- Die studie het daarin geslaag om individuele bates by die leerder met Downsindroom te identifiseer. Uit die moontlike 40 ontwikkelingsbates soos in figuur 14 uiteengesit, is 20 bates by die leerder geïdentifiseer.
- Die ouers en die groter gesin het ook bewus geword van waartoe die leerder in staat is. Dit het hulle meer gemotiveer om die leerder aktief by die aktiwiteite in die huis betrokke te maak. Meer takies soos opruiming, hantering van die musieksentrum, beantwoording van die telefoon,ensovoorts is aan haar

opgedra, wat sy met die grootste sukses uitvoer. Die ouerhuis en die breër gesin het nou 'n goeie leeromgewing vir die leerder geword. Die leerder benodig nog deurlopende ondersteuning in die uitleef van haar nuwe bates. Alhoewel die ouers nog beskermend teenoor die leerder optree, het hulle houding oor haar toekoms en hulle rol verander. Die bekommernis oor die leerder het nou ruimte gemaak vir die uitbouing van die bates.

- By die skool het daar ook 'n positiewe verandering by die leerder plaasgevind. Die leerder het begin om meer spontaan deel te neem aan klasaktiwiteite en haar sosialiseringsvaardighede het ook heelwat verbeter. Waar sy voorheen nie aan buitemuurse bedrywighede wou deelneem nie, het sy nou by twee geleenthede aan skoolkonserte deelgeneem. Sy word ook die geleentheid gegee om tydens godsdienssessies te sing of gediggies op te lê. Op sportgebied neem sy nou aktief deel aan atletiek en netbal. Die takies soos die opwas van skottelgoed, dek van tafels, opruiming na ete en die skoonmaak van meubels, wat sy by die skool aanleer as deel van lewensoriëntering, word by die huis voortgesit.
- Die bate-gebaseerde benadering is 'n deurlopende proses en vereis die voortdurende bou aan die bates en die ontdekking van nuwe bates. Die ouers en die skool is hiervan bewus en sal 'n daadwerklike poging aanwend om aktief betrokke te bly by die proses van uitbouing van bates.

#### **5.4 AANBEVELINGS**

- **Bemagtiging van ouers**

Die ouers moet bewus gemaak word van die bate-gebaseerde benadering en die identifisering van bates en riglyne hoe om dit te mobiliseer. Roehlkepartain en Leffert (2000) verskaf praktiese riglyne vir die implementering van die veertig ontwikkelingsbates soos in tabel 3 uiteengesit. Hulle moet vroegtydig leiding en ondersteuning ontvang, sodat die interne en eksterne bates van die leerders vroegtydig geïdentifiseer word. Ouers van leerders met Downsindroom versorg gewoonlik hulle kinders self en verloor kontak met die res van die gemeenskap. Die ouers kan aan ondersteuningsgroepe en werksinkels blootgestel word, waar gedagtes en idees uitgeruil kan word ten opsigte van die hantering van kinders.

Ondersteuning van mekaar is ook belangrik. Die ouers moet gemotiveer word om positiewe denke te openbaar.

- **Hantering van leerders met Downsindroom**

Die fokus moenie op die leerders se tekortkominge en behoeftes wees nie, maar op hulle interne en eksterne bates. Daar behoort geen onderskeid getref te word in die hantering van die leerders nie. Die leerders moet ervaar dat hulle bates daaglik uitgebou word. Die leeromgewings van die leerder, soos die skool, huis en gemeenskap moet 'n aktiewe rol speel in die identifisering en aktivering van die bates. Die leerder moet 'n gevoel ontwikkel dat sy positiewe ondersteuning uit al die sektore van die gemeenskap ontvang.

## **5.5 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE**

Die navorsing is slegs gebaseer op 'n enkele geval en die toepassing van die resultate kan dus nie na die groter gemeenskap met Downsindroom oorgedra word nie. Die onderhoude is slegs met die opvoeder en arbeidsterapeut van een betrokke skool gevoer. Die insette van ander opvoeders en terapeute in die omgewing kon dalk die resultate van die navorsing beïnvloed het. Verder het die ouers van die leerder oor 'n uiters beperkte kennis van Downsindroom beskik en kon nie veel bydraes lewer oor hul dogter nie. Meer tyd met die ouers kon dalk hul kennis van Downsindroom verbreed het. Dit het meegebring dat die proses van onderhoudvoering op 'n baie elementêre vlak moes geskied. My belewenis van die ouers is dat hulle nie hul dogter die geleentheid gaan bied om haar nuut ontdekte bates in die gemeenskap te gaan ontwikkel nie.

Die kennis van die opvoeders ten opsigte van die bate-gebaseerde benadering was beperk en meer ondersteuning sal deurlopend aan hulle voorsien moet word. 'n Aanpassing van die skool se leerprogram is 'n behoefte, aangesien dit in 'n groot mate die leerder se potensiaal misken. Die skakeling tussen die skool en die huis, as verlengstuk van die voortsetting van die bates, kom nie tot sy reg nie. Die bate-gebaseerde benadering is 'n nuwe konsep in die gemeenskap en sal tyd neem voordat dit regtig inslag vind.

## 5.6 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

Die fokus van die navorsing was gerig op die identifisering van bates by 'n dogter met Downsindroom. Die gebruik van die bate-gebaseerde benadering om verdere navorsing te doen ten opsigte van leerders met downsindroom sal die kennis van die opvoeders, terapeute en ouers verbreed. Verdere navorsing kan gedoen word ten opsigte van die verryking van ouers se bestaande kennis van die bate-gebaseerde benadering. Verdere navorsing kan gedoen word om die gemeenskap betrokke te maak by die identifisering van bates by leerders met gestremdhede. Die daarstelling van netwerke tussen opvoedkundige instellings en die breër gemeenskap om die bates te gebruik om deelname van die leerders te verseker en uit te bou, kan nou vrugte afwerp. Navorsing ten opsigte van die oprigting van bronneseentrums waar selfs ouers wat ongeletterd is, ook van die inligting deur middel van werksinkels kan ontvang, word sterk aanbeveel.

## 5.7 REFLEKSIE

Die fokus van die navorsing was om interne en eksterne bates by 'n leerder met Downsindroom te identifiseer. Die navorsing het gepoog om 'n positiewe bydrae te lewer deur gebruik te maak van die bate-gebaseerde benadering. Die bate-gebaseerde benadering, as alternatief vir die mediese en ekosistemiese benaderings, kan effektief aangewend word by die identifisering van bates. Die bate-gebaseerde benadering skep nuwe geleenthede vir die leerders met Downsindroom deurdat daar gefokus word op die potensiaal en talente. Die leerder met gestremdhede hoef nie langer geïsoleerd te leef nie, maar kan aktief deel vorm van gesins- en gemeenskapsaktiwiteite.

Die bevindinge van die navorsing ten opsigte van die identifisering van bates by 'n tienjarige dogter met Downsindroom, word breedvoerig bespreek. In hierdie hoofstuk sal daar gefokus word op die hooftemas wat uit my navorsing voortgespruit het. 'n Beskrywing van die verskillende bates wat deur die navorser en die ander deelnemers tydens die navorsing geïdentifiseer is, word uiteengesit. Die identifisering en bespreking van die bates word bespreek vanuit die ekosistemiese raamwerk. Ek sal my navorsing krities beskou deur 'n uitleg te gee van die tekortkominge van die studie en aanbevelings te maak ten opsigte van toekomstige studie op die gebied van die identifisering van bates.

Die ouerhuis voorsien in die alledaagse behoeftes van die leerder, maar poog ook om haar so op te voed dat sy in die toekoms selfversorgend en selfonderhoudend kan wees. Die skool verseker deur die kurrikulum en programme dat sy die vaardighede aanleer wat nodig is om met die nodige ondersteuning tog selfversorgend en selfonderhoudend te kan wees. Die kerk voorsien in die geestelike behoeftes van die leerder en haar gesin.

## BRONNELYS

- Adelman, C., Jenkins, D. & Kemmis, S. 1983. **Case Study: An Overview**. Australia: Deakin University Press.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2001. **The practice of social research**. London: Oxford University Press.
- Blaxter, L., Hughes, C. & Tight, M. 2000. **How to do research**. Buckingham: Open University Press.
- Bogdan, R.C. & Biklen, S.K. 1982. **Qualitative Research for Education: An Introduction to Theory and Methods**. Newton: Allyn & Bacon.
- Botha, L. 2004. 'n Bate-gebaseerde benadering tot gemeenskapsbetrokkenheid by leerders met leerhindernisse: Die rol van die opvoedkundige sielkundige. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (M-tesis)
- Briedenhann, H. 2003. Identifisering van bates by 'n voorskoolse leerder met serebraal gestremdheid. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (M-tesis)
- Creswell, J. 1998. **Qualitative inquiry and research design: Choosing among five traditions**. London: Sage Publications.
- Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 1994. **Handbook of qualitative research**. Thousand Oaks: Sage Publications.
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 1997. **Educational Psychology in Social Context. Challenges of Developmental Social Issues and Special Needs in South Africa**. Cape Town: Oxford University Press.
- Eloff, I. & Ebersöhn, L. 2003: **Lifskills and assets**. Pretoria: J.L van Schaik Uitgewers.
- Eloff, I. & Ebersöhn, L. 2001. The implications of the asset-based approach to early intervention. *Perspectives in Education*, 19(3):147-157.
- Eloff, I. 2003. Introduction to the asset-based approach to intervention. In: Ebersöhn, L. & Eloff, I. **Lifskills and assets**. Pretoria: J.L. Van Schaik Uitgewers.

- Eloff, I. 2003. Understanding the asset-based approach. In: Ebersöhn, L. & Eloff, I. **Lifskills and assets**. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Emmett, T. 2000. Beyond community participation? Alternative routes to civil engagement and development in South Africa. *Development Southern Africa*, 17(4):501-518.
- Feagan, J.R., Oram, A.M. & Sjoberg, G. 1991. **A case for the case study**. London: The University of North Carolina Press.
- Garbers, J.G (Red.). 1996. **Doeltreffende Geesteswetenskaplike navorsing**. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Girden, E.R. 2001. **Evaluating research articles** (2<sup>nd</sup> ed). London: Sage Publications.
- Huysamen, G.K. 1998. **Metodologie vir die Sosiale en Gedragwetenskappe**. Johannesburg: International Thomson Publishing (South Africa) Ltd.
- Huysamen, G.K. 1985. **Navorsingsontwerp en variansieontleding: 'n Inleiding**. Bloemfontein: Outeur.
- Kaplan, H.I. & Sadock, B.J. 1981. **Modern synopsis of comprehensive textbook of psychiatry** (3<sup>rd</sup> ed). Baltimore: The Williams and Wilkins Company.
- Kapp, J.A. (Red.). 1990. **Kinders met probleme: 'n Ortopedagogiese Perspektief**. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Kretzman, J.P. & McKnight, J.L. 1997. **A guide to capacity inventories: mobilizing the community skills of local residents**. Chicago: ACTA Publications.
- Kretzman, J.P. & McKnight, J.L. 1996. **A guide to mapping and mobilizing the economic capacities of local residents: A community building workbook from the asset-based community development institute**. Chicago: ACTA Publications.
- Kretzman, J.P. & McKnight, J.L. 1993. **Building communities from the inside out: A path toward finding and mobilizing a community's assets**. Chicago: ACTA Publications.
- Kretzman, J.P. 2000. Co-producing health: Professionals and communities build on assets. *Health Forum Journal*, 43(1):40-50.

- Leedy, P.D. 1999. **Practical research: Planning and design**. New York: Macmillan Publishing Co. Ltd.
- Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. 1981. **Naturalistic inquiry**. Beverly Hills: Sage Publications.
- Marshall, C. & Rossman, G.B. 1995. **Qualitative research**. London: Sage Publications.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. 1997. **Research in education: A conceptual introduction** (4<sup>th</sup> ed). New York: Addison-Wesley Educational Publishers, Inc.
- Merriam, S.B. 1991. **Case study research in education. A qualitative approach**. Oxford: Jossey-Bass Publishers.
- Merriam, S.B. 1998. **Qualitative research and case study applications in education**. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.
- Miles, M.B. & Huberman, A.M. 1994. **An expanded sourcebook. Qualitative data analysis**. London: Sage Publications.
- Moore, N. 2001. **How to do research**. London: The Library Association.
- Mouton, J. & Marais, H.C. 1985. **Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe**. Pretoria: RGN-Uitgewers.
- Newman, J. & Benz, C.R. 1998. **Qualitative and quantitative research methodology. Exploring the interactive continuum**. Carbondale and Edwardsville: Southern Illinois University Press.
- Newmark, R. 2001. Inclusive education for learners with down syndrome: The role of the education psychologist. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (D-proefskrif)
- O'Conner, K.J. & Ammen, S. 1997. **Play therapy: Treatment planning and Interventions. The ecosystemic model and workbook**. San Diego: Academic Press.
- Orford, J. 1993. **Community psychology: Theory and practice**. New York: John Wiley & Sons, Inc.
- Papalia, D.E. & Olds, S.W. 1989. **Human development**. New York: McGraw Hill.



- Patton, M.Q. 1990. **Qualitative evaluation and research methods** (2<sup>nd</sup> ed). London: Sage Publications.
- Reber, S. & Reber, E.S. 2001. **The Penquin Dictionary of Psychology**. London: Penquin Books.
- Rodgers, P.T. & Coleman, M. 1985. **Medical care in Down Syndrome. A preventive medicine approach**. New York: Marcel Dekker, Inc.
- Roehlkepartain, J.L. & Leffert, N. 2000. **A leader's guide to what young children need to succeed: Working together to build assets from birth to age 11**. Minneapolis: Free Spirit Publishers.
- Sameroff, A.J. & Fiese, B. 2000. Transactional Regulation: The developmental ecology of intervention. In: Shonkoff, J.P. & Meisels, M.S. **Handbook of early childhood intervention**. Cambridge: Cambridge University Press.
- Shields, T.P. 1999. Guide to evaluating asset-based community development, lessons, challenges and opportunities. *Journal of the American Planning Association*, 65(3):341-347.
- Shonkoff, J.P. & Phillips, D.A. 2000. **From neurons to neighborhoods: The science of early childhood development**. Washington, D.C: National Academy Press.
- Shurink, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In: De Vos, A.S. (Ed). **Research at grass roots. A primer for the caring professions**. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.
- Silverman, D. 1993. **Qualitative research: Theory, method and practice**. London: Sage Publications.
- Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 1999. **Research in practice. Applied methods for the social sciences**. Cape Town: University of Cape Town Press.

## TOESTEMMINGSBRIEF

Geagte Mnr en Me Nagel

Ek is 'n student en intern-opvoedkundige sielkundige aan die Universiteit van Stellenbosch. Ek is tans besig met verdere studie en is in die proses om navorsing te doen oor 'n bate-gebaseerde benadering waar bates by u dogter met Downsindroom geïdentifiseer gaan word. Ons van voorneme om bates in die gemeenskap en by die skool te identifiseer wat gebruik kan word om u kind te help.

Hiermee vra ek u toestemming dat ek u dogter as deel van my navorsing mag gebruik. Dit sal meebring dat ek u dogter by die skool en by die huis moet observeer en onderhoude met u en die personeel, van die skool waar u dogter 'n ingeskrewe leerder is, sal moet voer. Die onderhoude en observasies sal op video en klank opgeneem word en met die nodige konfidensialiteit hanteer word.

Ek sal dit waardeer indien u toestemming kan verleen dat u dogter in die navorsing gebruik kan word.

Baie dankie by voorbaat

Peter M Visagie  
(Intern-opvoedkundige sielkundige)

## TOESTEMMINGSBRIEF

Die skoolhoof  
Eden Opleidingsentrum

Geagte Heer

### Toestemming om navorsing te doen

Ek is 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch en tans besig om my meestersgraad in Opvoedkundige Sielkunde te voltooi. Ter voltooiing van my studies moet ek egter navorsing doen oor 'n onderwerp van my keuse. Die navorsing wat ek beoog om te doen sal fokus op die identifisering van bates by 'n leerder met downsindroom.

Die navorsing sal meebring dat ek tydens kontaktyd onderhoude sal voer met opvoeders, terapeute en video-en klankopnames sal maak op die skoolterrein.

Hiermee vra ek toestemming om my navorsing by die skool te doen en die beskikbaarstelling van die skool se fasiliteite.

Baie dankie by voorbaat.

Peter M Visagie  
**(Intern-Sielkundige)**

Navrae **C FROLICK**  
Enquiries  
IMibuzo  
Telefoon  
Telephone **023-3484600**  
IFoni  
Faks  
Fax **023-3424138**  
IFeksi  
Epos  
Email **Cfrollick@pgwc.gov.za**  
Verwysing  
Reference **50410814**  
ISalathiso



---

**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

---

**Western Cape Education Department**

---

**ISebe leMfundo leNtshona Koloni**

---



## HEIL DIE LESER

Hiermee word toestemming verleen dat mnr Peter Visagie navorsing mag doen aan Eden Opleidingsentrum, verbonde aan die Breederivier/Overberg OBOS.

Die sentrum word versoek om die nodige samewerking te bied en mnr Visagie toegang tot leerders, opvoeders en enige relevante inligting, soos deur hom versoek, te bied.

Ons beste wense met die navorsing word u toegewens.

**C FROLICK**  
**DIREKTEUR**  
**BREEDERIVIER/OVERBERG OBOS**  
**DATUM: 2004:01:13**

---

MELD ASSEBLIEF VERWYSINGSNOMMERS IN ALLE KORRESPONDENSIE / PLEASE QUOTE REFERENCE NUMBERS IN ALL CORRESPONDENCE / NCEDA UBHALE IINOMBOLO ZESALATHISO KUYO YONKE IMBALELWANO

DURBANSTRAAT 9, PRIVAATSAK X3102, WORCESTER 6850  
9 DURBAN STREET, PRIVATE BAG X3102, WORCESTER 6850

WEB: <http://wced.wcape.gov.za>